Hoofstuk 2 – Verhale oor heling.

"It doesn't take long to discover that this is a place of storytelling" (Rawson, 1994:48).

1 Padkaart

"`Curiouser and curiouser!' cried Alice (she was so much surprised, that for the moment she quite forgot how to speak good English); `now I'm opening out like the largest telescope that ever was! Good-bye, feet!' (for when she looked down at her feet, they seemed to be almost out of sight, they were getting so far off) (Carrol, 1991).

In die hierdie hoofstuk het ek stories oor heling versamel. Ek het mense se menings vanuit verskillende dissiplines, asook persoonlike verhale oor heling en genesing verkry. Ek het stories versamel van mense wat siek was en gesond geword het, mense wat nooit gesond geword het nie en mense wat op 'n besondere wyse geleer het om met kroniese siektetoestande saam te leef.

Ek het 'n vriendin wat tans met M.A. in narratiewe terapie besig is, genooi om my met die onderhoude te help, en saam oor die navorsingsproses te reflekteer. Al die persone wat in die navorsing betrokke is, noem ek medenavorsers. Ek is, soos Alice, nuuskierig oor wat hier kan gebeur en watter diskoerse en betekenisse ek gaan hoor. Dit is nodig om soos Alice die grootste teleskoop uit te haal, en nie die klein prentjie nie, maar die groot prent te sien: 'n wye horison, diversiteit.

Aan elkeen van die persone in hierdie hoofstuk het ek gevra om hulle stories van genesing op te teken. Ek het geen voorskrifte gegee nie, behalwe dat dit oor genesing of heling moes handel. My versoek was dat elkeen 'n storie van genesing of heling moes skryf, soos hy of sy dit in hulle eie lewe of beroep

verstaan. Almal het ingewillig om aan die navorsing deel te neem.

Nadat die stories versamel is, het ek na leidrade wat vanuit die stories na vore gekom het, probeer luister, sonder om oplossings en antwoorde te gee (Müller & Schoeman, 2004:12): temas, maniere van dink, mense se ervaring van God, of temas wat tot alternatiewe stories kon lei.

2 Verhale oor heling

Rawson (1994:48-50) vertel ‘n verhaal van hoe sy en haar tiener dogter entoesiasties op reis gegaan het, op soek na ‘n plek van heling. Hierdie reis het nuwe uitdagings oor hulle pad gebring, wat tot gevolg gehad het dat hulle meer bewus geword het van wie hulle werklik is, en waartoe hulle in staat was. Na ‘n lang reisbeskrywing vertel sy hoe hulle by ‘n soutmeer aangekom het wat drie maal meer sout as die see bevat het. Hierdie meer is in Saskatchewan (Kanada) en staan as *The lake of healing waters* bekend. Daar is binnenshuise swembaddens wat verhitte water van die pan bevat. Omdat die soutgehalte so hoog is, veroorsaak dit dat die liggaam baie lig in die water voel.

Terwyl die mense urelank in die water ronddryf, word stories uitgeruil. Die storie wat die meeste oorvertel word, is die storie van ‘n stam wat jare gelede deur die Saskatchewan-area gewandel het. Baie stamlede was ernstig siek, en baie het aan pokke gesterf. Drie dapper jongmanne het van die stam af na die meer toe weggeloop. Een van die drie het na die meer toe geloop om van die water te drink, en as gevolg van moegheid vooroor in die water geval. Die volgende oggend toe hy wakker word, het die siekte sy liggaam verlaat. Hy het sy twee vriende in die meer ingesleep, en na drie dae het hulle die res van die stam ingehaal.

Hierdie storie laat mense tot vandag toe nog na die meer van Saskatchewan toe stroom. Hier in die water vertel die mense vir mekaar stories

van plekke waar hulle al was, of waarheen hulle gaan. Die meeste mense het na die Saskatchewan-meer toe gekom om van die een of ander siektetoestand genees te word Baie van die stories handel oor mense wat reeds heling beleef het, en van siektes wat die liggaam verlaat het. Hier word ook stories van nuwe ontdekkings vertel.

Terwyl sy en haar dogter so na die stories geluister het, het sy geleer dat die mens deur siekte moet reis, en dat die pad na genesing ‘n reistog is. Terwyl sy elke storie van heling aangehoor het, het daar iets in haar eie liggaam genees. Terwyl Rawson (1994:48-50) die stories gehoor het, en dit iets in haar laat gebeur het, het hierdie hoofstuk se verhale wat deur verskeie individue geskryf is, ook iets in my laat gebeur. Ek kan nie sê dat daar heling in my plaasgevind het nie, maar eerder dat die begrip **heling** vir my duideliker geword het. Ek het meer bewus geword van die lens waardeur ek na heling kyk. Ek het selfs gewonder oor die stories wat nie in hierdie navorsing is nie -ook oor die stories wat nooit in ‘n navorsing aangehaal is nie. Ek het met die aanhoor van die stories besef dat hierdie navorsing beperkinge ten opsigte van my eie leefwêreld en begrip van heling het. Die stories handel oor verskeie persepsies, gesindhede en gedrag, en daag die leser uit om stories te hoor wat anders is, en wat soms geïgnoreer word.

Storievertel handel nie net oor die verandering van gedagtes of gesindhede nie, maar vertel ‘n verhaal van ‘n lewensingesteldheid (Burns, 2001:xix). Elkeen van die verhale vertel op watter manier elke skrywer na die tema van heling kyk. Dit is nie die enigste waarheid, of die absolute waarheid nie, maar dui eerder op ‘n filosofie waarmee elkeen na heling kyk. Die stories wat hier aangebied word, is elkeen anders en elkeen wil aan die gesprek oor heling deelneem. Elkeen is ‘n stem wat gehoor wil word.

In hierdie hoofstuk word die stories van die verskillende rolspelers aangebied. "*It is now generally accepted that participatory research, which*

includes local people, is important…" (Mcclintock et al., 2003:715). Die stories word weergegee soos dit ontvang is. Ander rolspelers word weer aan die einde van die navorsing betrek om oor die navorsing te reflekteer as deel van ‘n fokusgroep. Hierdie hoofstuk bestaan uit stories wat persone spesifiek as bydraes vir die navorsing geskryf het.

Dit is vir my belangrik dat die persone wat aan die navorsing deelgeneem het, nie blootgestel, of op enige manier benadeel word nie. Navorsingsetiek handel juis oor die hantering van betroubare inligting op so ‘n manier dat dit nie ‘n nadelige uitwerking het op die persone wat in die navorsing betrek word nie (Rubin & Rubin, 1995:93-94). Rubin en Rubin (1995:93-94) verduidelik verder dat etiek ook handel oor die toestemming om notas te neem, sodat die inligting vir navorsing gebruik kan word. Wat narratiewe navorsing in terme van etiese kwessies blootstel, is die verhale wat ware lewensinligting bevat (Smythe & Murray, 2000:2). Ek sluit by Smythe en Murray (2000:3) aan om die medenavorsers teen skadelike blootstelling te beskerm.

Soos dit met die betrokke deelnemers onderhandel en ooreengekom is, word geen name genoem nie, en elke persoon se identiteit word beskerm deur bloot na ‘n beroep of kundigheid te verwys, of fiktiewe name te gebruik. Die stories is versamel om die tema van heling vanuit verskillende diskoerse te hoor, en na die moontlike vrae wat vanuit die verhale na vore kom, te soek (Meyer, 1983:7). Aan die einde van elke verhaal maak ek ‘n kort gevolgtrekking, met die doel om aan die einde van die hoofstuk die gevolgtrekkings saam te vat en raakpunte en unieke uitkomste uit te lig.

Ek het met al die medenavorsers ‘n goeie interpersoonlike verhouding, en ek het niekonfronterend en sonder enige voorveronderstelling na hulle stories geluister. Die medenavorsers wat in hoofstuk twee betrokke is, sal na afloop van die navorsing oor die navorsingsbevindinge ingelig word (Smythe & Murray, 2000:4). Die verhale in hoofstuk twee behoort aan die storievertellers, en ek

respekteer elkeen wat die waagmoed gehad het om hulle verhale te vertel.

Elke rolspeler het ingewillig om op ‘n vrywillige basis by die navorsing betrokke te raak. Geeneen sal deur die navorsing benadeel word nie, en geen inligting of stories sal vir eie gewin gebruik word nie.

2.1 Die storie van ‘n geestelike berader

2.1.1 Waarom ek die persoon gekies het

Ek het die persoon gekies, omdat hy baie ondervinding van siekte en genesing gehad het. Ek het Nick leer ken, en by meer as een geleentheid met hom oor siekte en genesing in gesprek getree. Hy is tans ‘n pensioenaris, maar het sy lewe lank as gemeenteleraar gewerk, en besit ‘n rykdom ondervinding en kennis waarmee hy op ‘n verantwoordelike wyse handel. Hy het met mense uit verskillende kulture gewerk, veral Afrika kulture, en daarom het ek gewonder op watter wyse hy na heling sou kyk. Hy is tans steeds met berading besig. Ek dink Nick se insette kan ‘n bydrae tot die gesprek van heling lewer, as ‘n stem wat kan meehelp om die harmonie te hoor. Toe ek hom gevra het om aan die navorsing deel te neem, het hy dadelik ingewillig.

2.1.2 Storie 1: Inleiding

Die probleem van siekte en genesing is nie ‘n maklike een nie. Dit is ‘n eeue-oue probleem. Ek gaan nie probeer om antwoorde op die talle vrae te gee nie. Ek is versigtig vir mense wat maklike en eenvoudige antwoorde het, byvoorbeeld:

> “Bid, glo en jy sal gesond word.”
> “As jy nie genees is nie, is daar iets in jou lewe verkeerd.”

Dit staan die leser vry om van my te verskil oor sekere persoonlike standpunte oor hierdie onderwerp. Oor die vraag waar siekte vandaan kom – van God, of van Satan af – is die mees aanvaarbare antwoord:

> *"As daar nie sonde in die wêreld gekom het nie, sou daar ook geen siekte en swaarkry gewees het nie."*

Die aarde waarop ons leef, gaan onder die vloek en gevolge van die sonde gebuk.

2.1.3 Die oorsprong van siekte

Ons lees dat God soms siektes as straf vir die heidenvolke gestuur het (Deut. 7:15). Ons lees egter ook dat Satan en sy bose magte vir siekte verantwoordelik kan wees (Lukas 6:18, 7:21). Persoonlik is dit my ondervinding dat siektes wat deur die direkte werking van bose geeste veroorsaak word, by mense gevind word teen wie swart magie (toordery) beoefen is. Sodra bevryding plaasgevind het, verdwyn die simptome feitlik onmiddellik. Dit is nie altyd maklik om tussen die simptome van siektes wat deur swart magie veroorsaak is, en die simptome van gewone siektes te onderskei nie, maar my ondervinding is dat daar kenmerkende liggaamlike en emosionele simptome is wanneer daar van swart magie sprake is.

Baie keer is ons self vir siektes verantwoordelik, omdat ons nie reg eet nie, nie ons liggame genoegsame oefening gee nie, of verslawende middels gebruik wat ons liggaam aftakel. Verder is dit 'n erkende feit dat die samelewing vandag baie spanning op mense plaas, en dat te veel spanning baie liggaamlike kwale tot gevolg het, byvoorbeeld hartkwale of maagsere. Geneeshere meen dat tot 80% van die siektes wat mense na die spreekkamer laat gaan, 'n emosionele oorsprong het. Dit gaan dus nie help om vir die kwale te bid, as ek my lewenstyl moet verander nie.

Enigiemand kan in hierdie gebroke wêreld waarin ons leef, per ongeluk val en ‘n arm of been breek, dan is niemand regtig daarvoor verantwoordelik nie. Hierdie gevalle wêreld is ook vol virusse en kieme wat siektes veroorsaak en waarmee ons te doen sal hê tot ons eendag op die volmaakte aarde bly. In 1 Kor. 11:27-32 skryf Paulus dat siektes onder lidmate kan voorkom as die Nagmaal nie reg gevier word nie!

2.1.4 God se wil en siekte

Wat ons wel kan sê, is dat dit nie God se volmaakte wil is dat daar sonde en siekte in die wêreld moet wees nie. God wil hê dat mense gesond moet wees. Dit is geen wonder dat Jesus ‘n groot deel van Sy aardse bediening daar gewy het om siekes gesond te maak nie. Alle siekes wat na Jesus gekom, of na Hom gebring is, is van hulle kwale genees. In Handelinge lees ons van talle genesings wat deur die apostels plaasgevind het.

In ‘n boekie deur prof Hennie Stander dui hy aan dat genesing tot en met die 4de eeu n.C nog algemeen voorgekom het. Sonder twyfel vind daar vandag nog direkte genesings deur Jesus plaas – hetsy op ‘n hospitaalbed, in ‘n biduur, of in ‘n genesingsdiens. Dit bly moeilik om vir ‘n sieke te sê dat God met ‘n spesifieke doel die siekte of operasie in sy lewe gestuur het. Persoonlik weet ek nie of daar altyd ‘n spesifieke doel is waarna ons moet gaan soek as ons siek word nie. Ons sou hoogstens kon sê dat God siekte of die een of ander gesondheidskrisis in ons lewe kan gebruik om ‘n verdieping te bewerk. Dieselfde geld vir sonde.

2.1.5 Tekste as voorbeeld

Jesaja 53:4-5:

(4) “Tog het hy óns lyding op hom geneem, óns siektes het hy gedra. Maar

ons het hom beskou as een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word. (5) Oor óns oortredings is hy deurboor, oor óns sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom".

Mat.10:1:

"Jesus het sy twaalf dissipels nader geroep en hulle mag gegee om onrein geeste uit te dryf en om elke soort siekte en kwaal gesond te maak".

1 Kor. 12:9:

"...aan die een geloof deur dieselfde Gees, aan 'n ander genadegawes van gesondmaking deur die één Gees".

Lukas 18:42:

"Jesus sê vir hom: "Goed, jy kan sien! Jou geloof het jou gered."

1 Tim. 5:23:

"Moenie langer net water drink nie. Gebruik 'n bietjie wyn vir die maag en vir jou herhaalde ongesteldhede".

Jakobus 5:14:

"As daar iemand van julle is wat siek is, moet hy die ouderlinge van die gemeente laat kom, en hulle moet vir hom bid en hom met olie salf onder aanroeping van die Naam van die Here".

Mat. 9:9-13:

(9) Terwyl Jesus daarvandaan verder gaan, het Hy 'n man met die naam Matteus by die tolhuis sien sit en vir hom gesê: "Volg My!" Hy het toe opgestaan en Hom gevolg.

(10) Jesus het by hom in sy huis gaan eet, en baie tollenaars en sondaars het saam met Jesus en sy dissipels kom eet.

(11) Toe die Fariseërs dit sien, vra hulle vir sy dissipels: "Waarom eet julle leermeester saam met tollenaars en sondaars?"

(12) Maar Jesus het dit gehoor en gesê: "Dié wat gesond is, het nie ‘n dokter nodig nie, maar dié wat siek is.

(13) Gaan leer wat dit beteken: ‘Ek verwag barmhartigheid en nie offers nie.’ Ek het nie gekom om mense te roep wat op die regte pad is nie, maar sondaars."

2.1.6 Gevolgtrekking

2.1.6.1 Siekte is nie altyd die gevolg van ‘n bepaalde sonde in iemand se lewe nie, en daarom moet die vraag gevra word: Is dit reg om alle siektes te bestraf, asof alle siektes die direkte gevolg van ‘n demoniese werking is?

2.1.6.2 Te min geloof is ook nie altyd die rede waarom mense nie genees word nie. Daar behoort dus nie ‘n valse skuldgevoel op mense geplaas te word as hulle nie genees word nie. Ek het al na groot genesingsdienste die verslaenheid op mense se gesigte gesien as hulle met verwagting vir gebed gegaan het, en daar niks gebeur het nie. In enkele gevalle sal die prediker mense gerusstel met min of meer die volgende: “Jesus is die geneesheer. Ek is ‘n blote instrument in sy hande. Dit is nie ek wat genees nie. Nie almal vir wie ek bid, word genees nie. Dit is nie in my hande nie, en dit is ook nie altyd ‘n gebrek aan geloof nie.”

2.1.6.3 Wanneer vir ‘n sieke gebid word, kan genesing dadelik intree, of dit kan oor ‘n tydperk plaasvind. Dit is so dat die kreupelgebore man van wie ons in Hand. 3 lees se bene en enkels dadelik sterk geword het nadat Petrus en Johannes hom beveel het om in Jesus se naam op te staan. Mense vir wie daar gebid is, getuig ook dat die genesing

geleidelik ingetree het.

2.1.6.4 ‘n Christen kan en moet vir direkte genesing bid, maar kan ook met vrymoedigheid van die kennis van die mediese wetenskap, soos operasies en medikasie gebruik maak. Dit is nie ‘n keuse tussen God **of** die dokter nie, maar God **en** die dokter. Dit is net ‘n aanvaarde feit dat baie mense vir wie gebid word, nie genees word nie. Ongelukkig vind daar tydens genesingsdienste baie aansprake op genesing plaas, wat nie waar is nie. Mense vir wie daar gebid is, word dikwels direk na gebed gevra om van hul genesing te getuig. Dit plaas druk op hulle, en wanneer hul dan sê dat die pyn beter is, word die persoon onder groot toejuiging as genees verklaar. Die indruk word gelaat dat daar ‘n wondergenesing plaasgevind het, terwyl dit in die meeste gevalle nie die waarheid is nie. Hoekom almal nie genees word nie? Die antwoord hierop is dat ek nie weet nie.

2.1.6.5 Ek is versigtig vir genesingspraktyke waaroor daar vraagtekens hang. In ons dag word – soos deur die eeue heen – ongetwyfeld ook van okkultiese kragte gebruik gemaak om mense te genees. Die duidelike hand van die New Age kan in baie van hierdie genesingspraktyke gesien word. Daar word nooit van Jesus as die geneesheer gepraat nie, maar van magiese kragte of vibrasies. Soms bid mense oor ‘n sieke se kledingstuk, byvoorbeeld ‘n hemp, en dan tree genesing in wanneer die sieke weer die hemp aantrek. Ons vind iets hiervan in Hand. 19:11-12. Dit is moeilik om in alle gevalle die egte van die onegte te onderskei. Laat ons egter versigtig wees om hierdie praktyk nie te ver te voer nie. In Amerika het ek op televisie gesien hoedat vroue olie in botteltjies gooi, daaroor bid en dit dan verkoop, sodat mense dit kan aansmeer en genees word. ‘n Mens weet nie altyd waar die grense binne of buite God se wil is nie! Persoonlik sou ek graag by die basiese wil bly:

2.1.6.6 Gebed (met of sonder handoplegging, met of sonder salwing met olie).

2.1.6.7 Vra iemand met die gawe van gesondmaking (en met wie se lewe jy bekend is) om vir jou te bid.

2.1.6.8 Vra die gemeente om vir jou te bid.

2.1.6.9 Vra vriende om vir jou te bid.

2.1.6.10 Hou aan om vir jouself te bid, en verwag resultate van God.

Gaan met vrymoedigheid na ‘n geneesheer indien moontlike genesing op hierdie wyse die Here se pad met jou lewe is.

2.1.7 Wat het ek gehoor?

2.1.7.1 Daar is geen kitsoplossings vir siektes nie.

2.1.7.2 Hier word gewonder oor die verband tussen siekte en sonde.

2.1.7.3 Die verband tussen die bonatuurlike en siekte word verhelder.

2.1.7.4 ‘n Holistiese benadering word aanbeveel. Oefen gereeld, handhaaf gesonde eetgewoontes en vermy negatiewe middels.

2.1.7.5 Die uitwerking van die samelewing op die gesondheid van die mens moet nie onderskat word nie.

2.1.7.6 Die volgende uit die storie gee rigting aan die verstaan van die tema van heling:

2.1.7.6.1 Siekte is nie noodwendig die gevolg van sonde nie.

2.1.7.6.2 Geloof is nie die algemene kriteria vir fisiese genesing nie.

2.1.7.6.3 Gebed kan bydra tot genesing.

2.1.7.6.4 ‘n Christen mag die mediese wetenskap benut.

2.1.7.6.5 New Age-beginsels het ‘n uitwerking op die mens se nadenke oor

genesing.

2.1.8 Ek wonder...

Die verhaal het soveel elemente van persoonlike ervaring bevat dat ek nuuskierig geraak het oor die persoon se persoonlike verhaal van siekte en genesing. Ek wou weet wat die persoonlike storie en eie ervaring was.

2.1.9 Reaksie: My eie getuienis oor genesing

Ons kan nie kies hoe die Here ons moet genees nie. As ek kon kies, sou ek verkies dat die Here my onmiddellik en direk – sonder die mediese wetenskap – moet genees, maar, God is soewerein - ook in die wyse waarop Hy ons genees, of nie genees nie.

Die Here het my nog nooit onmiddellik en direk deur gebed genees nie, tog kan ek van ‘n paar wonderwerke getuig wat in my liggaam gebeur het.

As dertienjarige seun het ek ernstige probleme in my regterknie ontwikkel. Ek sal nie op al die besonderhede ingaan nie, maar dit is genoeg om te sê dat ek op 25 reeds ‘n hele paar operasies aan my regterknie en –been gehad het. Die gevolg was osteo-artritis. Die kraakbeen in my regterknie was reeds in my twintigerjare weggeslyt. Ek het baie pyn gehad as ek ver geloop het, en ek kon aan geen sport meer deelneem nie. ‘n Ortopedis het in 1966 vir my gesê dat my knie binne twintig jaar styf gemaak sal moet word om die pyn uit te skakel. Die operasie sou so lank moontlik uitgestel moes word, omdat ‘n stywe knie remmend op ‘n mens se beweging inwerk.

Deur die jare het ek baie pyn ervaar. Later was dit nie meer nodig om probleemknieë styf te maak nie, omdat ‘n kunskniegewrig gebruik is om pynverligting te verskaf. Deur die jare het ek gereeld gebid dat my knie moes

verbeter. In 1986 het die pyn so erg geword dat ek weer ‘n ortopedis gaan spreek het. Hy het deur middel van ‘n klein operasietjie klein stukkies kraakbeen uit my knie verwyder, maar skouerophalend gesê dat my knie in ‘n baie slegte toestand is en dat ‘n kunsknieoorplanting net om die draai was.

Vir ‘n maand na die operasie het ek intense pyn beleef, maar gedurende Januarie 1987 het die pyn begin verdwyn. Vandag, agtien jaar later, ervaar ek etlike jare al geen pyn meer in my knie nie. Die Here het nie nuwe kraakbeen geskep nie, maar die pyn het verdwyn, en my knie het nie meer my lewenskwaliteit beïnvloed nie. In Julie 2004 het ek en my vrou Londen se strate platgeloop. Ek het stelle trappe by die moltreine op en af geklim, sonder dat ek enige pyn ervaar het. By tye was my vrou moeër as ek. Daarvoor loof ek Hom!

As student moes al my tande getrek word. Dit was ‘n aanbeveling van die tandarts. Ek het pragtige tande gehad en ek wonder vandag nog of daar geen ander behandeling vir tande was wat geneig was om te verbrokkel nie. Toe ek die middag vir my afspraak by die tandarts opdaag, het sy ontvangsdame my meegedeel dat iemand in sy plek afgelos het.

Toe ek my plek op die tandartsstoel inneen, het ‘n ou omie (die tandarts!) wie se asem sterk na drank geruik, en wat redelik onvas op sy voete was, ingestap. Hy het my ondertande begin trek, maar die na die ander tand afgebreek. Toe ek hom later vra wanneer hy die afgebreekte tande gaan uithaal, het hy gesê: “Hulle kan maar mettertyd self uitgroei”. Dit was genoeg. Ek het verskoning gemaak, opgestaan en gesê dat ek liewer later weer sou terugkom.

Met ‘n bebloede en geswelde mond moes ek ’n ander tandarts gaan soek wat bereid sou wees om die afgebreekte tande te verwyder. My tweede probeerslag was suksesvol, en die tandarts het daardie aand tot 21:00 geboor en getrek en gesukkel om al die gebreekte tande uit te kry. Die gevolg was dat ek feitlik geen tandvleis meer in my onderste kaak oorgehad het waaraan kunsgebit

kon vassuig nie.

Na etlike operasies om hierdie probleem te probeer oplos, het ‘n mond- en kaaksjirurg van Kaapstad in 1974 vir my ‘n staalplaat bo-op my onderste kaak ingeplant waarop kunsgebit sou kon rus. Die enigste probleem was dat die liggaam die staalplaat kon verwerp.

Na 25 jaar het ek eenkeer ‘n ortodontis besoek om die plaat te ondersoek. Hy kon nie glo dat ek al vir 25 jaar met die staalplaat rondloop, sonder dat my liggaam dit verwerp het nie. Hy het ‘n studie van hierdie tipe operasies gemaak en sy bevinding was dat almal wat hierdie operasies ondergaan het, se liggame die plaat na ‘n paar jaar verwerp het. Hy het nog net altyd van hierdie staalplate gelees, maar dit nou vir die eerste keer in my mond gesien.

Vandag, na dertig jaar, loop ek steeds met die staalplaat in my mond, sonder dat daar enige teken van verwerping is. Na die traumatiese middag toe my tande getrek is, het ek baie vir uitkoms gebid. Die Here het die mediese wetenskap gebruik, maar die wonder was daarin geleë dat my liggaam na dertig jaar nog nie die plaat verwerp het nie.

2.1.10 Wat het ek gehoor?

- Genesing vind nie onmiddellik plaas nie.
- Daar is wel Goddelike genesing, soos duidelik uit hierdie storie blyk.
- Die Here gebruik die mediese wetenskap.
- Hier is ‘n unieke diskoers van heling gehoor: Tydens siekte toestande is daar geleentheid vir heling om plaas te vind.

2.2 Die storie van kanker

2.2.1 Waarom ek die persoon gekies het

Ek het as predikant dié dame leer ken as iemand met ‘n vaste geloof en vertroue op God. Sy is ‘n pensioenaris wat by haar kinders bly en die rustige plattelandse lewe by die see geniet. Sy is ‘n vrolike mens en dit was altyd ‘n wonderlike ervaring om haar te besoek.

Op ‘n dag het sy my gebel en meegedeel dat kanker by haar gediagnoseer is. Ek het haar weekliks besoek en voortdurend na haar geluister. Ek het nooit die indruk gekry dat sy vir God kwaad is, of negatief oor die kerk is nie. Nadat haar hare begin uitval het van die chemoterapie, het sy blymoedig haar pruik kerk toe gedra en almal vriendelik gegroet.

Tydens my besoeke het sy altyd die siekte beskryf, waar sy seer gehad het en hoe sy gevoel het. Meer as een keer het sy vir my gesê sy glo dat die Here haar gaan gesond maak. Tydens haar siekte was daar ‘n geloofsgeneser in ons gemeenskap, en baie van die lidmate het daarheen gestroom. Sy het egter tuis gebly en met haar normale lewenspatroon aangegaan. Intussen het die Here haar aangeraak, en sy het na die chemoterapie stelselmatig beter geword.

Ek sluit haar storie in, omdat dit ‘n werklike lewensverhaal is, en wat van iemand getuig wat gesond geword het. Dit is vir sommige dalk ‘n alledaagse storie. Vir my is hier iets unieks aan die storie, omdat dit met wysheid en geloof gelaai is. Sy het heelhartig ingestem om aan die navorsing deel te neem.

2.2.2 Storie 2: April 2000 – Begin van die siekte

Ek het baie toetse ondergaan as gevolg van aanhoudende diarree en ‘n

knop wat ek op my maag gevoel het. ‘n Tumor is agter die blaas ontdek, en die uitslag daarvan sou slegs na ‘n operasie bepaal kon word. Ek het gevrees dat dit kanker was, maar die gedagte onderdruk. Twee dae later, in die teater, bid ek: “Laat u Wil geskied, wat die geval ook mag wees, en laat my asseblief daarby berus.” Toe ek bykom, was my dogters by my, maar ek het niks gevra nie. Ek kon nie agterkom dat daar probleme was nie, en nadat hulle my gemaklik gemaak het, is hulle huis toe sodat ek kon rus.

Later die dag het die dokter my besoek en meegedeel dat dit wel kanker in die ovaria was, en dat hy 95% verwyder het. Slegs 5% het agtergebly, omdat dit onmoontlik was om so diep te sny. Die werklikheid het my nie dadelik getref nie, omdat ek net wou slaap. By my volle bewussyn, het ek besef dat ek kanker het en gewonder wat op my wag en wat verder gaan gebeur. Ek het vir die Here gevra: “Here, wat nou? Gaan ek lewe? Is daar hoop op herstel?” My gedagtes was ‘n warboel.

Die aand toe my dogters my weer kom besoek, het ek hulle vertel wat die dokter gesê het. Hulle het gesê dat hulle weet, maar geen emosie getoon nie. Ek het stilweg gedink dat hulle nie juis simpatie met my gehad het nie, maar moes later hoor dat hulle my nie wou ontstel nie.

Na vyf dae in die hospitaal is ek huis toe. Met my opvolgbesoek is ek na ‘n onkoloog verwys, wat my met chemoterapie sou behandel. Die behandeling was drieweekliks, oor ‘n tydperk van ses maande. Elke behandeling sou vyf ure duur. Ek het geweet van mense wat baie siek geword het van die chemoterapie, en ek was in ‘n tweestryd gewikkel of ek vir die behandeling moes gaan of nie.

By die huis, het ek na my kamer gegaan en antwoorde in die Bybel en by God gesoek. Jesaja 43:1-3 het dit vir my bevestig dat ek net moes vertrou, omdat God altyd by my is, in watter omstandighede ek ook al verkeer.

Aan die einde van April 2000 het ek met die behandeling begin, en baie siek geword. Ek het met pyne in my bene gesukkel, en was soms so moeg dat ek nie kon opstaan nie. Mense se besoeke en gebede het my deur hierdie moeilike tyd gedra. My predikante het my bemoedig deur gereeld vir my te bid en uit die Bybel te lees.

Deur die genade van die Here het ek nie moed opgegee nie, maar tot die gevolgtrekking gekom dat die Vader my tot stilstand geroep het, om net weer te besef dat my lewe in Sy hande is.

Die laaste behandeling het in Oktober 2000 aangebreek. Dit het net ‘n uur geduur, en ek het nie te sleg gevoel nie. Daardie aand het ek uit 2 Korintiërs 4:16-18 gelees, met die opskrif: Lewe deur die geloof. Ek het geweet dat ek uiterlik afgetakel was, maar is elke dag innerlik vernuwe.

Na ‘n maand is ek terug na die onkoloog wat geen teken van kanker kon waarneem nie. Ek het geweet dat dieselfde Here wat op aarde wonderwerke gedoen het, dit steeds doen. Vir Sy genade loof en prys ek Hom elke dag. Dit is nou reeds meer as ‘n jaar sedert die operasie en daar is steeds geen teken van kanker nie. Ek wil die Here met my hele hart loof, soos wat Dawid in Psalm 138:3 sê: “Toe ek na U geroep het, het U my gebed verhoor en my nuwe krag gegee”. Prys die Here.

2.2.3 Wat het ek gehoor?

- Siekte word soms ontken.
- Gebed kan genesing bring.
- Christene twyfel en voel onseker tydens siekte.
- Dit is belangrik om ‘n verhouding met God te hê.
- Skrifbeloftes word waar en vertroue in God dra siekes.
- Daar is lewe en innerlike vernuwing deur die geloof.

2.3 Die storie van ’n mediese dokter

2.3.1 Waarom ek die persoon gekies het

John is ‘n mediese dokter wat ek leer ken het toe ek atletiekafrigting aan sy kind gegee het. Ons het lekker gesels, onder andere oor alternatiewe teorie. Hy het wyer as slegs in sy mediese veld gelees en was gemaklik daarmee om alternatiewe op die mediese model te soek. Hy het nie stagneer as mediese dokter nie, maar voortdurend verdere opleiding ondergaan. Uit die aard van sy beroep kom hy met mense vanuit verskillende gelowe en kulture in aanraking. Hy het my geïnteresseer, en toe ek hom vra om aan die navorsing deel te neem, het hy geredelik ingewillig.

2.3.2 Storie 3: GENESING

Genesing is die herstel, gesond word of bevryding van siektes of kwale. Drie belangrike faktore is betrokke: die patologie (siekte of kwaal), die pasiënt en die behandeling.

Siektes verskil uiteraard en wissel van lewensbedreigend tot ipekonders. So wissel die oorsake van die siektes ook van aangebore tot psigosomaties. Dit is duidelik dat moontlike genesing grootliks deur die patologie bepaal word. Die patologie is die een gegewe faktor in hierdie verhouding. Die groot variasie kom by die pasiënte voor en die verskillende behandelingsmodaliteite wat betrokke is.

Mense verskil byvoorbeeld ten opsigte van hul persoonlikhede, geloof, kulturele agtergrond of omstandighede. Dieselfde geld ook pasiënte en hul ervaring van siekte. Terwyl een persoon nie aan 'n verkoue aandag gee nie, is dit vir 'n ander persoon 'n krisis.

Dit bring ons by die geval van 'n ongelooflik positiewe veertigjarige vrou wat twee jaar gelede 'n mastektomie en chemoterapie vir borskanker ondergaan het. Met die opvolgbesoek is 'n karsinoom in haar ander bors ontdek. Sy moes nog 'n mastektomie ondergaan, wat deur ‘n jaar se chemoterapie gevolg is. Sy was egter net bekommerd oor die uitwerking wat die nuus op haar kinders sou hê. Sy het goed van die operasies herstel, en hoewel sy na elke chemoterapiebehandeling baie siek voel, gaan sy normaalweg met haar lewe voort.

Met behandeling is ‘n mens geneig om aan wit jasse, medikasie en chirurgie te dink. Deesdae is daar al hoe meer behandelingsmodaliteite, en mense wat nie op die konvensionele maniere genees word nie, wend hulle geredelik tot alternatiewe metodes. Dit is heeltemal te verstane.

Dit word beweer dat een van die verskille tussen mens en dier die mens se behoefte is om middels te gebruik! Die krag van die natuur sal in baie gevalle vir genesing sorg, al word geen behandeling toegepas nie.

Om op te som. Alle toestande is nie geneesbaar nie. Die sieke se hantering van die siektetoestand is belangrik vir die genesing daarvan, hoewel die behandeling van die siektetoestand ook van die uiterste belang is. Die pasiënt moet die regte behandeling vir sy siekte ontvang, en vertroue in sy geneesheer en die voorgeskrewe behandeling hê.

Ten spyte van alles is daar gevalle waar genesing nie plaasvind soos wat verwag word nie. Dan is daar weer gevalle waar genesing op onverklaarbare maniere plaasvind. Die rede hiervoor bly, soos vele ander natuurlike verskynsels, 'n raaisel.

2.3.3 Wat het ek gehoor?

Hierdie verhaal het vir my ‘n rykdom van diskoerse uitgelig, wat ek soos volg opsom:

- Daar is ‘n verband tussen die pasiënt, die siekte en die behandeling.
- Daar is verskillende siektes.
- Mense se reaksies op siekte verskil.
- Mense ervaar siekte verskillend.
- Mense volg soms alternatiewe roetes.
- Alle siektes is nie geneesbaar nie.
- Die behandeling van siektes is altyd belangrik.
- Die siek persoon moet die siekte reg hanteer.
- Daar is wel onverklaarbare genesings.

2.3.4 Ek wonder

Watter effek het die stories van siekte en genesing op jou? Uit die aard van die mediese dokter se beroep kom hy daagliks met stories oor siekte en genesing in aanraking. Op grond hiervan het ek vir John gevra om vanuit sy veld neer te skryf watter uitwerking hierdie stories op ‘n dokter het.

2.3.5 Reaksie

In `n algemene praktyk het ‘n dokter nie net met siekte te doen nie! As algemene praktisyn stap jy `n lang pad saam met mense. Jy voer roetine-ondersoeke uit, staan vroue tydens swangerskap by en ondersoek baie kinders. Dit is sleg as mense, waarmee jy al ‘n lang pad stap, skielik siek word, en nie meer die mens is wat jy vir soveel jaar geken het nie. Dit is waarom ‘n mens nie afgestomp raak oor siekte nie.

MIV-pasiënte laat ‘n mens magteloos voel, en die aanskoue van teringpasiënte laat ‘n mens met dankbaarheid aan jou eie lewe dink.

2.3.6 Wat het ek gehoor?

- ‘n Mediese dokter bou persoonlike verhoudinge met pasiënte in sy praktyk, en dit is sleg as die mense as gevolg van siekte verander.
- MIV- en teringlyers laat ‘n dokter magteloos, maar dankbaar oor eie gesondheid.

2.4 Die storie van ’n predikant

2.4.1 Waarom ek die persoon gekies het

Corné is een van die min mense wat op sy lewe kan terugkyk en vertel hoe hy polio oorleef het. Sy een hand toon duidelik die vernietigende effek wat die siekte op hom gehad het. Tog het Corné ‘n baie positiewe uitkyk op die lewe. Ten spyte van die gebrek in sy een hand, leef Corné voluit en staan al 26 jaar in die bediening as predikant.

In sy eie lewe het hy baie met geloofsgenesing te doen gekry. Terwyl hy as kind self ‘n trauma beleef het, het hy ervaar hoe mense se verkeerde uitkyk op siekte hul siek hou. Ek het Corné gekies, omdat hy ervaring van siekte het.

2.4.2 Storie 4

My ervaring deur die amper 26 jaar in die bediening, is die volgende:

Siekte is vir my deel van menswees. Nêrens in die Bybel lyk dit vir my of kinders van die Here teen siekte nie gevrywaar is nie. Dit lyk ook nie asof siekte,

behalwe in enkele, spesifieke gevalle, die direkte gevolg van sonde is nie, hoewel dit indirek as gevolg van die sondeval is.

Tog is ons opdrag om vir dié wat siek is, te bid, en hoewel ek glo dat genesing in God se hand is, het ek vir die siekes gebid, met die pleidooi dat die Here hulle sal genees. Ek het nog nooit verklarings probeer soek vir die verskynsel dat die Here in baie gevalle direk ingegryp en genesing bewerkstellig het, en in baie gevalle nie. Dit kon ek altyd in Sy hand laat, en Sy wil daarmee aanvaar.

Dit was telkemale wonderlik as daar genesing plaasgevind het, sonder dat die medici ‘n verklaring daarvoor kon gee. Tog glo ek met my hele hart dat daar net so ‘n groot wonderwerk plaasvind, as die Here ons dokters gebruik om genesing te laat plaasvind.

Siekte is by min mense sonder resultate. Die besef dat ‘n mens se lewe nie in eie hand is nie, maar in die Hoër hand s’n, het baie mense se lewens verander. Die besef dat geestelike genesing baie belangriker as fisiese genesing is, het baie mense se totale denke oor die lewe, en hulle ingesteldheid teenoor ander mense en God beïnvloed. Dit gaan dikwels met geestelike groei gepaard, maar nie altyd sonder ‘n stryd nie.

So baie keer het ‘n mens ervaar dat ‘n terminaal siek persoon ‘n sprankelgetuienis lewer, en meer vir jou beteken as wat jy vir hom of haar beteken. Siekte bied ook ‘n goeie geleentheid tot getuienis, en is ‘n geleentheid om deur ondersteuning die liefde van Jesus sigbaar te laat word. Dit beteken partykeer meer as iemand te midde van sy of haar siekte vir Jesus (deur mense) ervaar, as dat hulle genesing ontvang.

Die slegste deel van my ervaring, is dat mense by ‘n genesingsdiens emosioneel glo dat hulle genesing ontvang het, en dan hul medikasie weggooi –

net om weer teleurgesteld na God (en die medikasie) te moet terugkeer. Veel meer, as die skuldlas van jou siekte op jou gewete geplaas word, en jy glo dat jy nou weer siek word omdat jy gesondig het, is dit in stryd met my geloof, want só 'n God ken ek nie. Ek was al by genesingsdienste teenwoordig waar, sover ek weet, nie een langdurige genesing plaasgevind het nie. Die dankoffer het 'n groter rol as die genesing gespeel.

Tog glo ek met my hele wese dat God direk en indirek kan genees, hoewel ek dit rustig in Sy hand laat. Ek sal voortgaan om vir siekes te bid en die Here daarmee te vertrou. Dit bly 'n kosbare geleentheid, maar ek glo dat ons nog te kleingelowig in hierdie verband is.

2.4.3 Wat het ek gehoor?

- Siekte is deel van menswees en Christene is nie gevrywaar nie.
- Daar moet vir siek mense gebid word.
- Genesing vind bonatuurlik (Goddelik), of met die hulp van mediese dokters plaas.
- Geestelike genesing is 'n hoër prioriteit as fisiese genesing.
- Dit is belangrik dat mense God se teenwoordigheid tydens siekte ervaar.
- Genesingsdienste bied oor die algemeen geen langtermyn genesing nie.
- Vertroue in God is belangrik.

2.4.4 Ek wonder...

Ek het gewonder oor die volgende gedeelte van bogenoemde verhaal en die persoon gevra om verder hieroor uit te brei: "Die slegste deel van my ervaring, is dat mense by 'n genesingsdiens emosioneel glo dat hulle genesing ontvang het, en dan hul medikasie weggooi – net om weer teleurgesteld na God

(en die medikasie) te moet terugkeer...Ek was al by genesingsdienste teenwoordig waar, sover ek weet, nie een langdurige genesing plaasgevind het nie. Die dankoffer het ‘n groter rol as die genesing gespeel”.

2.4.5 Reaksie

Die volgende sal my altyd bybly:

Lidmate wat genesingsdienste bygewoon het, het opgewonde teruggekom en van genesing getuig. Die medikasie is dadelik gestaak. Een dame is ‘n week na die genesingsdiens in die hospitaal opgeneem, en het amper gesterf as gevolg van die feit dat sy haar medikasie gestaak het. Ander het na 'n tyd weer oor dieselfde pyn gekla, en maar weer medikasie begin gebruik. Dit was veral die geval by siektes wat nie met die blote oog gesien kon word nie.

Tydens die genesingsdienste is almal wat slegs in die een oor doof was, vorentoe geroep. Toe iemand wat in albei ore feitlik doof was op die verhoog verskyn, was die antwoord: "Ons bid vanaand vir eenoor-doofheid, maar staan maar hier, miskien sal die Here ook vir jou genesing bring". Dit het nie plaasgevind nie. Die kollektebordjies is twee maal omgestuur, terwyl dieselfde liedere oor en oor gesing is.

My probleem hiermee, en ook met al die ander genesingsdienste wat ek bygewoon het, was die las wat op die siek persone geplaas is. In een geval het 'n jongman huilend en teleurgestel in die Here by my uitgekom en gevra wat hy nóg moes doen. Hy het nie genesing ontvang nie, en is aangesê om meer van sy sondes te bely, dan sal hy genesing ontvang. Hy het alles bely, en nooit genesing ontvang nie.

'n Ander, relatief jong man, het 'n groot vrees ontwikkel. Hy het wel beter gevoel, maar die geneser het gesê dat die pyn weer sou terugkom indien hy sou

sondig. Hy het daarna altyd gewonder wat hy verkeerd gedoen het as hy sleg gevoel het. Na 'n maand het hy erken dat die pyn weer terug is, en tans beskryf hy genesingsdienste as opswepery wat hom ook meegevoer het.

2.4.6 Ek wonder...

Hier volstaan ek met ‘n paar vrae wat uit die storie na vore kom:

- Is genesingsdienste opswepery?
- Tree mense tydens en na afloop van genesingsdienste rasioneel op?
- Vind daar werklik genesing tydens en na afloop van genesingsdienste plaas?

2.5 Die storie van psigose

2.5.1 Waarom ek die persoon gekies het

Toe ek ses jaar gelede in die gemeente begin werk het, het Susan om hulp aangeklop. Op daardie stadium het sy geweldige sterk medikasie vir ‘n psigiatriese toestand gebruik. Sy was bleek in haar gesig, en sy het amper soos ‘n robot beweeg, vanweë spanning. Die eerste drie jaar van my bediening het ek haar weekliks vir berading gesien, en stelselmatig het sy beter geword. Gedurende hierdie tyd is sy kort-kort in psigiatriese hospitale opgeneem. Ambulanse en dokters was meer as een keer by haar huis, omdat sy te veel pille of drank ingeneem, of afwykende gedrag openbaar het. Sy was aan drank, pille en seks verslaaf, en het ook aan bulimie gely.

Ek sluit hierdie verhaal in, omdat ek iets met Susan sien gebeur het wat vir my ‘n wonderlike verhaal vertel van iemand wat te midde van haar siektetoestand, haarself ontdek het, en ‘n storie vertel wat gehoor moet word.

2.5.2 Storie 5

Die realiteit van hierdie siekte is so aaklig dat dit gesprekke met familie en kennisse geneem het om dit te herroep. Die mens het ‘n wonderlike vermoë om onaangename ervarings uit die geheue of die bewuste te verwyder deur herinterpretasie, slaap of verloop van tyd. Afhangende van hoe die proses hanteer word, blyk dit ‘n normale meganisme te wees. Dit is noodsaaklik vir voortbestaan en genesing.

Ek wil my siektetoestand as erge depressie beskryf, gepaardgaande met fases van psigose wat oor ‘n tydperk van meer as tien jaar gestrek het. Vir begrip van die toestand sal ek bloot ervarings oproep, nie noodwendig in kronologiese volgorde nie.

Hallusinasies, waar ‘n mens se ervarings ver van die realiteit is, is waarskynlik die mees skrikwekkende simptoom van psigose. My voorstelling van die hel roep so ‘n situasie op. Tydens hallusinasie sien ‘n mens beelde en hoor geluide wat nie werklik bestaan nie, maar wat ek as eg en waar ervaar het.

‘n Reeks onaangename gebeure wat die een op die ander volg, vorm ‘n storie wat jou in ‘n onrealisties wêreld van jou eie plaas. Ek kan talle sodanige insidente oproep, omdat ek oor die verloop van tien jaar ten minste vyf sulke episodes ervaar het, wat in tydsduur gewissel het.

Ek onthou hoe ek in ‘n psigiatriese hospitaal gelê het, met ‘n ervaring dat ek besig was om dood te gaan. Ek onthou skrikbeelde van massas kranse voor my bed, wat my laat voel het, dis hoe die dood is. Ek was vir ten minste ‘n week in my eie wêreld. Ek het interaksie met ‘n dokter uit my verlede gehad wat woedende uitlatings teenoor my gemaak het. Ek het hom gewaarsku dat sy vrou besig was om selfmoord te pleeg, deur in die see in te loop. Baie blomme het

my die toneel van prinses Diana se dood voor die gees geroep, en soms was ek selfs sy. Die rit hospitaal toe was ook ‘n belewing van 75km van hel. Ek het vir my ma gesê dat sy moet ophou sing, hoewel sy blykbaar nie gesing het nie.

Soms het ek blykbaar baie snaaks opgetree. Daar was die insident toe ek blykbaar in die hospitaal konsert gehou het. ‘n Tannie wat ek geken het, was duidelik in my ervaring. Sy het oor die karradio met my ma en pa gepraat, en verskoning gevra vir sekere vulgêre woorde en leuens wat sy geuiter het. Eendag het ek in die teenwoordigheid van ‘n predikant vlot Hebreeus gepraat het, wat uitstekende digkuns ingesluit het. Hoewel ek Hebreeus op universiteit geneem het, kon ek dit nie vlot praat sodat die dominee dit sou kon verstaan nie.

Sulke insidente plaas geweldige spanning op die mense, veral op die familie wat die naaste aan jou leef. Hulle is gewoonlik vreesbevange en onbeholpe om die situasie te hanteer, omdat hulle nie weet wat om volgende te verwag nie.

Tydens sulke insidente is daar net een plek vir die sieke, en dit is in ‘n hospitaal met opgeleide personeel. Iemand wat in so ‘n toestand, of in die akute fase daarvan is, is ‘n gevaar vir hom- of haarself, en vir die mense rondom hulle.

Hierdie toestand ontstaan nie binne die bestek van een dag nie, maar is die uitvloeisel van ‘n reeks gebeure wat in skielik waarneembare persoonlikheidsverandering kulmineer. ‘n Introvert sal byvoorbeeld skielik baie sosiaal word en meer gesprekke en verhoudings met ander mense aanknoop. Allerlei nuwe aktiwiteite soos sport, studie en stokperdjies word aangepak. Slaappatrone word versteur. Die feit dat die brein nie kan afskakel nie, is myns insiens ‘n verdere stap in die rigting van erge psigose. Dit hou die pasiënt met ‘n eindelose gedagtegang besig wat met die alledaagse doen en late vermeng. Tyd bly beperk te wees. Daar is skielik soveel dinge wat op ‘n dag gedoen moet word, maar tog kom die pasiënt dikwels nie by die belangrike prioriteite, soos

byvoorbeeld studie, uit nie.

Ek onthou hoe onrealistiese vrese my gedurende die maande van agteruitgang tot by die fase van psigose, of tydens die herstelfase, geteister het - die geweldige vrees vir oop trappe, roltrappe, hysbakke, klein ruimtes soos storte, wat gepaard gegaan het met ‘n gevoel dat my keel toetrek, dat ek lighoofdig en bewerig is, terwyl sweet op my uitslaan. Dan was daar verder die vrees vir muurproppe, dat ek in my slaap my vinger in 'n muurprop sou druk en myself doodskok.

Hierdie simptome het ‘n probleem in die werksplek geword, omdat dit so sigbaar was, en ek gevrees het dat mense dit sou raaksien. Ek het mense en groepsituasies begin vermy, omdat ek bang was dat ek sou bewe. In die gevorderde fase van die siekte is ‘n mens eenvoudig nie in staat om die eise van die eenvoudigste werk te hanteer nie. Selfs motor bestuur is onmoontlik vanweë die onrealistiese ervaringswerklikhede.

Ek herroep die dag toe ek geglo het dat my troudag met ‘n spesifieke man aangebreek het. Ek het ‘n paar dae tevore ‘n dokter besoek wat korttermynmedikasie vir onaangename angssimptome voorgeskryf het. Die nag van my “troue”, die nag voor my hospitalisasie, het uit onrealistiese hallusinasies bestaan. Ek was alleen in my woning. Ek het gaan bad om my vir my troue voor te berei. Ligte het skielik deur die badkamervenster geflits en daar was stemme. Ek het gedink dat dit vriende sou wees, en het stilletjies gelag en besluit om nie die deur oop te maak nie.

Die hel van daardie nag het die stukkend gooi van glase en bekers, onverstaanbare telefoonoproepe, die verdwyning van ‘n bak beskuit wat ek self opgeëet het, die skryf van boodskappe wat God self aan my gegee het, ‘n wandeling om die straatblok, en die sien van spookbeelde ingesluit. Die polisie het blykbaar aan my deur geklop omdat bure oor die harde musiek gekla het. Ek

het blykbaar om middernag ‘n liedjie vir my geliefde gespeel, omdat hy volgens my buite die huis gestaan het.

Genesing van hierdie vreesaanjaende siektetoestand stel die individu, familie en vriende, medici, beraders en sielkundiges voor ‘n berg wat byna onmoontlik lyk om uit te klim. Ek wil dit prontuit stel dat sonder hoop in die mens se vermoë om na liggaam en siel te kan heel, hierdie ‘n onbegonne taak sou wees. Dit begin by hoop wat deur die kleinste teken van beterskap gewek word. In die hospitaal, word ‘n meer realistiese ervaring van die werklikheid chemies, of deur die interaksie met mense om jou wat grense stel, bewerk, mense wat op jou pogings om ‘n verwarde wêreld te probeer uitsorteer, reageer. Die broosheid van ‘n persoon in hierdie toestand is moeilik om in woorde vas te vang.

My doel is om die geweldige moontlikheid van heling van die mens onomwonde te leef, en van die vol, gebalanseerde, produktiewe en gelukkige lewe wat ek nou leef, te getuig. Dit staan in direkte kontras met dit wat ek vroeër beskryf het. Kenmerkend van my nuwe, gesonde lewe is dat ek verantwoordelikheid neem, ook vir my eie geluk, dat ek goed vir myself is en destruktiewe gewoontes en gedrag vermy. ‘n Wil om te lewe, is sterk aanwesig, in kontras met my gedagtegang oor die loop van tien jaar, waar ek liewer dood wou wees.

Intensiewe terapeutiese begeleiding, wat hierdie onderdrukte kern van my bestaan bewustelik gemaak het, dit op die ondersoektafel geplaas het en my dit laat deurleef het, beskou ek as die deurslaggewende faktor in hierdie lang pad na genesing. Dit was ‘n pad waarop ek tot begrip moes kom van waar dit vandaan kom, waar dit begin het en wat dit aan my gedoen het. Die wil en energie om hierdie konfrontasie met die self aan te pak en vol te hou, blyk ‘n gegewe van ‘n Hoërhand se ingrype te wees.

Begrip van die grootsheid van hierdie helingsproses, is moeilik om oor te

dra. Dit begin met krieseltjies hoop. Nou bied dit oneindige hoop, waarvan ek so vol is dat ek die intense behoefte het om dit in liefde met slagoffers en hulle gesinne te deel, en myself as lewende voorbeeld voor te hou van die mens se wonderlike, uiters dinamiese vermoë tot genesing.

2.5.3 Wat het ek gehoor?

- Herinterpretasie en tyd is noodsaaklik vir heling.
- Psigose is ‘n onaangename siektetoestand.
- Mense met psigotiese toestande hoort in hospitale met opgeleide personeel om hul te hanteer.
- Die neem van eie verantwoordelikheid en die vermyding van destruktiewe gedrag, is belangrik om die helingsproses aan die gang te sit.
- Die helingsproses begin met ‘n krieseltjie hoop.

2.5.4 Ek wonder...

In hierdie storie het ek toenemend begin wonder wat die persoon met “genesing van onaangename ervarings” bedoel. Omdat die storie in baie opsigte uniek is, wou ek verder hieroor uitvra.

2.5.5 Reaksie: Genesing van onaangename ervarings

Moontlik kan die grense van die konsep **genesing** so effens verskuif word, as ek dit as lyer van die skynbaar ongeneeslike toestand, Bipolêre gemoedsteurnis, benader. Ek wil graag ondersoek in hoe 'n mate my onaangename ervarings, en die genesing daarvan, in hierdie vreesaanjaende toestand verwring is.

Sekerlik is hallusinasies die onaangenaamste ervaring wat ek nog beleef

het. Die aanloop daartoe is 'n geweldige opeenhoping van energie, slapeloosheid en gewigsverlies. Beweging en denke word al vinniger, tot geen stop is nie, en ek van die planeet af “tol”. Tydens slapelose nagte maak ek kos, dek die ontbyttafel, berei volledige middagetes Ek skryf aan prokureurs, omdat ek kans sien om die wêreld aan te pak. Ek is vir niks en vir niemand bang nie. Ek skryf ongepubliseerde briewe en leef kreatief. Hierdie tyd is so fantasties dat jy nie wil hê dit moet eindig nie.

Die hoofprobleem by mania is dat namate die spoed toeneem, jy by ‘n punt kom waar jy nie meer kan stop nie. Teen die tyd (gewoonlik na ongeveer vier maande) is jou liggaam so uitgeput dat jy ooremosioneel en sensitief is. Die positiewe energie verander in arrogansie, wat uiters irriterend vir mense is.

Namate die mania vorder, verloor jy tred met die tyd en die opeenvolging van probleme. Jy probeer betekenis gee aan ‘n vreesaanjaende situasie, waarin drogbeelde en stemme voorkom. Dit is wanneer jy in die hospitaal opgeneem en verdoof word, om 'n week later eers van jou omgewing bewus te word. In die worsteling om drogbeelde van vrees, stemme en moegheid te onderskei, moet die saad van hoop op genesing reeds waargeneem word. Wankelrig en broos móét jy eenvoudig op sterk mense leun, en daarvoor het jy baie tyd nodig.

Genesing is afhanklik van die hoop waarop jou liggaam en hele wese ingestel moet wees. Oorwinning oor die vrese is 'n noemenswaardige helingsproses. Dit verg wilskrag. In 'n skare mense is jy soms heel alleen met jou vrese. Jy hoop niemand sien jou bewende hande, die sweet op jou bolip, die vrees in jou oë, die duisel in jou kop of jou keel wat toetrek nie. Jy vermy oogkontak met mense, omdat dit jou net bangmaak.

Terwyl ek skryf word ek weer bewus van die mens se geweldige potensiaal op genesing, en bewonder ‘n mens weer jou eie liggaam en gees. As voorbeeld dink ek my been wat gebreek het, en sonder die ingrype van ‘n

operasie aangegroei het. ‘n Mens raak tog van 'n groter krag bewus.

Medikasie in die hande van 'n psigiater kan ‘n drastiese verandering of genesing bewerkstellig, as die regte formule daarin slaag om die chemiese wanbalans in jou brein te genees. Die proses is egter hel, en newe effekte kom vir maande lank voor, voordat stabiliteit bereik word.

Waarby ek wil uitkom is die siening van 'n bipolêre gemoedsversteuring as 'n unieke lewensproses. 'n Bipolêre gemoedsversteuring is effektief behandelbaar, maar net soos ander siektes wat die gevolg van 'n chemiese wanbalans in die brein is, is dit ongeneeslik. By ‘n bipolêre steurnis is dit nodig om:

- Belangrike gebeure in die lewensproses te help verklaar, veral waar dit tot 'n bipolêre insident aanleiding gegee het.
- Die patroonmatigheid van die individu se siekte te identifiseer, ten einde vroegtydig in te gryp.
- Die graad van die siekte te identifiseer, sodat dienooreenkomstig opgetree kan word. Toesig, of hospitalisasie is op sekere stadiums nodig, waar die moontlike gevaar vir ander mense en vir jouself geneutraliseer kan word.
- Te besef dat dit 'n gevaarlike toestand is, en dat dit selfs dodelik kan wees as gevolg van fisiese uitputting.

'n Mens kan onaangename ervarings nie heel sonder om anders daarna te kyk nie. Realiteit moet nie as iets eksterns beskou word nie, eerder as iets wat ons deur ons eie persepsies skep, in 'n poging om eiesoortige betekenis aan ons lewens te gee.

2.5.6 Wat het ek gehoor?

- Die gebruik van medikasie is noodsaaklik.
- Hoop is nodig vir genesing.
- Die menslike liggaam het die potensiaal om te genees.
- ‘n Ander manier van kyk na die siekte word vereis.

2.6 Die storie van ekseem

2.6.1 Waarom ek die persoon gekies het

Die volgende persoon is ‘n kundige op die gebied van pastorale terapie. Ek sluit die persoon in, omdat dit die ervaring van ‘n kundige persoon vertel. Dit is iemand waarmee ek baie ure oor predikant wees, berading en diskoerse gegels het, en ek glo dat hierdie verhaal ‘n bydra tot die verstaan van die diskoers van heling kan lewer. Hierdie verhaal lig ook die onderskeid toe tussen die vermoë om heling te ken, en heling te ervaar.

2.6.2 My ervaring van siekte en gesondheid

Ek het gedink dat ek siekte ken. Ek het gedink dat ek siekte en wat dit aan mense doen, verstaan omdat ek vele boeke daaroor gelees en vertellings daarvan gehoor het. Ek het gedink dat ek siekte ken, op grond van eie ervaring of die ervaring van gesinslede of gemeentelede wat siek geword het.

Ek het egter nie begryp wat dit beteken om siek te wees nie. My ervaring hiervan het in Februarie 2000 begin, toe ek met akute en chroniese ekseem gediagnoseer is. Ek sou enigiets doen om die velprobleem, en die daarmee gepaardgaande rooi, uitgeslane en opgehewe vel en jeuksensasie te ontduik. Ek het enige hulp en raad probeer: Besoeke aan verskeie geneeshere en dermatoloë, ‘n verskeidenheid salwe en olies, ‘n nuwe dieet, en selfs hipnose

kon ‘n oplossing bied nie.

Die siekte het nie net op my lewe ‘n invloed gehad nie, maar ek is met die wete gekonfronteer dat my vrou baie van my pligte op haar moes neem, en dat die kinders begin praat het van hulle pappa wat siek is. Ek was sensitief oor wat mense van my siekte gedink het. Sommige het gemeen dat my probleem aan werkspanning te wyte was. Dit het my soos ‘n swakkeling, wat nie spanning kon hanteer nie, laat voel.

In 2001 het die ekseem vererger. Dit het my nie net liggaamlik aangetas nie, maar ek het ook geestelik en psigies verlam gevoel . Die siekte, en die feit dat ek oënskynlik niks daaraan kon doen nie, het my gemoed verlam. As gevolg van die medikasie het ek vir dae aanmekaar nie geweet wat om my gebeur nie.

As laaste uitweg het ek ‘n spesialis in Pretoria gaan spreek. Op pad daarheen het ek onseker gevoel en gewonder of daar enige iets vir my gedoen sou kon word.

Die wonderlike van my verhaal (en iets waaroor ek baie dankbaar is), is dat ek deur die gebruik van medikasie, wat weliswaar baie duur was, in só ‘n mate herstel het, dat ek weer my ou lewenspatroon kon hervat.

In refleksie op die betekenis van die siekte in my lewe, het ek ontdek dat ek nie net ‘n eerstehandse ervaring gehad het van wat dit beteken om siek te wees nie, maar dat die siekte ook ‘n geestelike verdieping in my lewe gebring het. In die behandeling van die siekte het ek mettertyd ‘n diep geestelike ervaring van die Here se teenwoordigheid beleef. Dit het aanleiding gegee tot ‘n nuwe dimensie in my bediening. In die prediking en die pastoraat kon ek myself vereenselwig met ander se siekte en pyn. In die identifisering met ander se pyn, kon ek hulle en myself help om ons in Sý wonde, maar ook in die genesing wat dít gebring het, te vind.

2.6.3 Wat het ek gehoor?

- Daar is ‘n verskil daarin om siekte in teorie te ken, of dit self te ervaar.
- Siekte, in die geval ekseem, het ‘n geweldige uitwerking op die persoon uitgeoefen:
    - Sy huishouding is daardeur geraak, omdat sy vrou die take moes doen wat hy normaalweg sou uitvoer.
    - Die ekseem het ‘n verlammende uitwerking op sy gemoed en geestelike lewe gehad.
    - Hy het ontoereikend gevoel, omdat hy nie die siekte kon hanteer nie.
    - Die positiewe uitwerking was ‘n verdieping in sy geestelike lewe, asook 'n ervaring van die Here se teenwoordigheid.

2.7 Die storie van natuurlike hulpmiddels tot genesing

2.7.1 Waarom ek die persoon gekies het

Ek kies hierdie persoon omdat sy jare lank al by natuurlike hulpmiddels en alternatiewe genesingsmetodes betrokke is. Theresa bied kursusse oor alternatiewe metodes en die toepassing daarvan aan. Sy help mense om hulle eetgewoontes, lewenstyl en die manier waarop hulle na hul siekte kyk, te verstaan en dienooreenkomstig aan te pas. Sy is in die gemeenskap bekend vir die werk wat sy doen. Almal in die gemeenskap is nie te vinde vir die manier waarop sy na die lewe kyk nie, en sy ondervind dikwels teenstand. Ek dink hierdie stem kan ‘n bydrae tot die verstaan van alternatiewe en natuurlike hulpmiddels, en die holistiese benadering daarvan, lewer.

2.7.2 Storie 7:

In my Duitse ouerhuis het ek met die gebruik van eenvoudige, natuurlike hulpmiddels (boererate) vir algemene kindersiektes, grootgeword. So was dit byvoorbeeld 'n warmwaterfles, gevolg deur kalmerende kamilletee vir maagkrampe, of yskoue, met maaskaas gesmeerde verbande om die kuite om 'n hoë koors te laat daal. Alledaagse kruie en kossoorte is gebruik, soos byvoorbeeld tiemietee as gorrelmiddel teen seerkeel, peperment op die voorkop gevryf vir hoofpyn, en 'n varsgekapte ui wat tien minute op 'n seer oor gesit word (natuurlike antibiotika!) vir infeksie. Daar is klem gelê op rus vir die liggaam en spysverteringstelsel, totdat die hele sisteem weer normaal was.

Vanuit hierdie agtergrond was dit vanselfsprekend dat ek in die homeopatiese geneesrigting begin belangstel het, veral nadat my moeder met behulp van hierdie medikasies van kolonkanker genees is. (Sy is in 1970 genees, en is nou 76 jaar oud).

Toe ek 25 jaar gelede na hierdie plattelandse deel van SA gekom het, was ek verbaas hoe onkundig die publiek oor homeopatie was. Die plaaslike dokters het gemaak asof dit nie bestaan nie, en die kerk het dit aan satanisme en shamanisme gelykgestel. Want, het hulle geredeneer, hoe is dit moontlik dat 'n paar suikerkorreltjies 'n mens kan genees!

Die afgelope twintig jaar gebruik ek en my gesin van vyf uitsluitlik hierdie 'suikerkorreltjies'. My kinders raak nie aan Disprin, Ponstan of Amoxyl (om maar net 'n paar voorbeelde van alledaagse alupatiese middels te noem). Hulle het geen stopsels in hulle tande nie, het goeie weerstand teen infeksies en virusse, en wanneer hulle wel siek word, genees hulle maklik, met behulp van homeopatiese middels en kruie.

Hiermee saam gaan 'n holistiese benadering tot die welsyn van liggaam,

gees en siel. Ek probeer sover moontlik gifstowwe in kos vermy, deur organies gekweekte groente en vrugte te eet (dit help om op 'n plaas te woon!), en om net volgraanprodukte te gebruik (ek maal byvoorbeeld my eie meel). Gemorskos soos koeldrank en skyfies is taboe. Die beste manier om kos voor te berei, is om so min moontlik die natuurlike voorkoms en samestelling van die bestanddele te verander.

Dit ook ook noodsaaklik om gereeld vars lug te skep, en jou liggaam fiks te hou. As jou liggaam gesond is, het jy 'n oorvloed energie, en sien jy kans vir die belangrike dinge in die lewe, soos om jou geestelike lewe te ontwikkel en te verbeter, en om met medelye jou medemens te help, in plaas daarvan om vir jouself jammer te wees. Dit gee 'n mens 'n positiewe uitkyk op die lewe, en met positiewe energie kan 'n mens berge versit.

Ek wil meld dat dit die afgelope jare my ondervinding is dat mense in my omgewing toenemend in die homeopatie begin belangstel. Hulle begin besef dat dit nie genoeg is om uiterlike simptome net alupaties te laat behandel en te verdoesel nie, maar dat die oorsaak van die probleem gesoek en behandel moet word om volkome genesing te kry. Mense begin besef dat 'n velallergie byvoorbeeld net tydelik met kortisoonsalf onder beheer gebring kan word, maar dat dit nie genees word nie, totdat die oorsaak (miskien kos of stresverwand) nie verwyder word nie. Deesdae word dit al hoe makliker om natuurlike middels op die aptekers se rakke te vind, wat daarop dui dat daar 'n bewuswording van die belangrikheid daarvan ontstaan het.

Vir diegene wat skepties oor dié soort medikasie is, kan ek net myself en my gesin as voorbeelde voorhou. Vir diegene met wie se geloof dit bots, sê ek reguit dat ek eerder onskadelike medikasie inneem wat uit God se skepping vervaardig word, (alle bestanddele kom uit die plante-, mineraal-, en diereryk) as om kunsmatige, mensgemaakte middels met verslawende newe-effekte te gebruik. Die Bybel is vol aanhalings oor die gebruik van plante en olies. Die

wyse manne het byvoorbeeld vir die Jesuskind frakinsense en mirre geskenk en Maria het Jesus se voete met nardusolie gesalf. As dit goed genoeg vir Jesus was, sal dit beslis net so goed vir my wees.

2.7.3 Wat het ek gehoor?

- Natuurlike hulpmiddels speel ‘n belangrike rol by heling.
- Homeopatie is een van die onderskatte alternatiewe.
- Dit help om ‘n holistiese benadering ten opsigte van liggaam, siel en gees te volg.
- ‘n Gesonde lewenswyse wat oefening en gesonde eetgewoontes insluit, is belangrik.
- Dit help om die fokus op ander in nood te plaas, en diens te lewer.

2.8 Die storie van ‘n verpleegster

2.8.1 Waarom ek die persoon gekies het

Carmie is ‘n verpleegster wat met ywer en passie haar werk verrig. Sy het jarelange ondervinding van die verpleegkunde. Vir baie jare was sy 'n verpleegster in die hoësorgeenheid. Dit is vir my belangrik om die storie van iemand wat direk met siek mense gewerk het, te laat hoor. Sy het ook in haar persoonlik lewe met emosionele siekte te doen gekry.

2.8.2 Heling

Wanneer ‘n mens ‘n operasie ondergaan, is daar 'n wond. Die wond word geheg, en binne ‘n paar dae begin die wond heel, en genesing vind plaas. Spierlae herstel en die vel genees. Al het genesing volkome plaasgevind, laat die operasiesnit steeds ‘n letsel of litteken.

Wanneer ‘n persoon deur ‘n egskeiding gaan, of op die een of ander wyse ‘n geliefde verloor, kry die persoon emosioneel seer, en laat dit 'n wond. Tyd is belangrik vir genesing. Herstel vind plaas, maar weer eens laat dit ‘n letsel of litteken.

Op die een of ander manier, doen ons almal wonde op, want seerkry is deel van die lewe. Genesing kan slegs plaasvind as ek myself ondersoek, en besluit wat ek met die seerkry gaan doen.

Genesing neem tyd. Dit is ‘n proses. Vir my begin genesing op my knieë, in gesprek met Jesus, om onder leiding van die Heilige Gees vry te spreek, en te vergeef. In vergifnis en vryspraak lê ‘n groot stuk genesing. Hoewel die wond genees, laat dit lewenslange letsels, en niemand kan dit wat gebeur het, wegneem nie. Dit is wanneer positiewe gedagtes en 'n positiewe lewenswyse of lewensuitkyk 'n verskil maak. Dis my keuse wat ek met die omstandighede gaan doen. Strek ek my uit na dit wat voor is, en voltooi ek die wedloop, of leef ek voortdurend in die verlede?

2.8.3 Wat het ek gehoor?

- Genesing neem tyd.
- Fisiese en emosionele siektes begin by ‘n ‘wond’ wat moet genees, na afloop van genesing is ‘n litteken sigbaar wat nie verwyder kan word nie.
- ‘n Keuse oor die hantering van siekte moet gemaak word.
- Gebed en vergifnis word as fundamentele beginsels genoem.
- ‘n Positiewe lewensuitkyk en ‘n positiewe lewenswyse maak ‘n verskil tydens siekte.
- In vergifnis en vryspraak lê genesing.

2.9 Die storie van Diena

2.9.1 Hoekom ek die storie insluit

Diena het vir drie maande by ons gewerk voordat haar kind gebore sou word. Sy het gereeld vir roetine-ondersoek na die kliniek of hospitaal gegaan. Alles het goed gegaan, totdat sy toe sy begin kraam het per ambulans hospitaal toe geneem moes word. Hoewel Diena geen fisiese of emosionele siekte het nie, sluit ek die storie in.

2.9.2 Die storie van Diena

Diena is 'n huiswerker van ongeveer dertig jaar oud, en werk om haar kinders te onderhou. Sy was onlangs swanger en moes op 'n ontnugterende wyse met die mediese dienste in die Oos-Kaap kennis maak.

Diena het agtergekom dat alles nie pluis met haar swangerskap was nie, en het vir 'n deeglike ondersoek na 'n mediese praktisyn gegaan. Die dokter het haar meegedeel dat sy nie normaal geboorte sou kon skenk nie, omdat die baba verkeerd gelê het. Diena het by die plaaslike staatshospitaal 'n afspraak vir die ambulans en die keisersnee vir die vasgestelde tyd gemaak.

Haar kraamproses het vroeër begin as wat verwag is, en sy moes inderhaas hospitaal toe gaan, vanwaar sy per ambulans 'n die hospitaal in Port Elizabeth geneem is. Saam met haar in die ambulans was 'n passasier wat nie op pad hospitaal toe was nie, maar om inkopies in die Baai te gaan doen.

Met die aankoms by die hospitaal het sy by ontvangs aangemeld waar sy gevra is om haar plek agter in die ry in te neem. Sy was reeds in kraam en het die ontvangspersoneel daaroor ingelig. 'n Medepasiënt het 'n rolstoel gaan haal en haar na die kraamafdeling geneem. Toe sy daar aankom, was die

kontraksies reeds sterk, en sy kon nie meer self loop nie. Die mede-pasiënt het haar op 'n bed gehelp, wat opsigtelik reeds vir 'n ander kraamgeval gebruik is. Die personeel het ongestoord met 'n ander kraamgeval voortgegaan, terwyl Diena sonder bystand gekraam het. Twintig minute nadat haar baba gebore is, het 'n personeellid die naelstring kom knip.

2.9.3 Ek wonder...

- Kan swak mediese dienste tot siektetoestande lei?

2.10 'n Storie oor MIV/vigs

2.10.1 Waarom ek die verhaal vertel

VIGS is sekerlik een van die siektes wat die meeste onder bespreking is. In my navorsing hanteer ek vigs as een van die stories oor siekte of heling, om 'n harmoniese geheel met die ander stories te vorm. Ek sluit die storie in, omdat dit ons definitief raak, en ‘n storie binne die Afrika- en wêreldkonteks is. Die storie word in verslagvorm aangebied, na aanleiding van ‘n onderhoud.

2.10.2 Die storie van Anna

Op Donderdag 9 September 2004, `n sonnige lentemiddag, gaan kuier ek met groot afwagting en `n bietjie senuweeagtigheid by Anna, `n 35-jarige blanke vrou wat MIV-positief is. In die TV-kamer ontvou daar `n verhaal van tragedie…maar veral `n verhaal van geloof en hoop!

Anna het in Potchefstroom grootgeword. Op sewejarige ouderdom is haar ma oorlede, en is sy na die kinderhuis. Hoewel haar pa eers oorlede is toe sy 21 was, het sy hom slegs `n paar keer gesien terwyl sy in die kinderhuis was. Anna beskryf haar verblyf in die kinderhuis as `n nagmerrie, omdat die hoof van die

kinderhuis die kinders gemolesteer het.

In Potchefstroom het sy haar lewensmaat, Pieter in `n parkie ontmoet. Saam met hom het `n lewe van drank, rook en dwelms begin. Hul was veertien jaar saam, en twee kinders is gebore. Pieter het haar gedurende hulle saamwees fisies en psigies mishandel. Toe hulle kus toe verhuis het, waar Pieter `n visserman geword het, het hy haar dikwels vir lang tye alleen gelos.

Drie dae voor Pieter se dood in 2000, het hy aan Anna erken dat hy by `n prostituut geslaap het en vigs het. Anna het haar laat toets, en die uitslag was positief. In die daaropvolgende twee jaar het sy erg gedrink, gerook en dwelms gebruik. Haar kinders is van haar af weggeneem en in pleegsorg geplaas. Sy het in hierdie twee jaar tot bekering gekom, maar dit het nie lank gehou nie, omdat sy te veel na Pieter verlang het.

Een aand het alles vir haar te veel geword, en sy het besluit om selfmoord te pleeg deur van `n brug af te spring. Sy het haar selfmoordbriefies geskryf en gaan slaap. Daardie aand het sy gedroom dat die Here vir haar sê sy sal nie sterf as sy van die brug af spring nie, maar in `n rolstoel beland, want “Hy vat mense wanneer Hy wil, ons kan nie self daaroor besluit nie”.

Anna het nie selfmoord gepleeg nie, maar die volgende dag na 'n kerkdiens gegaan, waar `n swartman opgestaan en gesê het dat `n witvrou in daardie diens bekeer sal word. Dit was Anna! Tydens die diens is daar vir haar gebid, en sy is nou twee jaar bekeer. Anna sê dat sy nog nooit weer aan drank, sigarette of dwelms geraak het nie. Haar kinders is weer in haar sorg geplaas, en dit gaan goed met haar.

Anna sê dat sy nou die betekenis in Pieter se dood sien, naamlik dat die Here hom geneem het om vir haar `n kans op `n beter lewe te gee. Ten spyte van haar MIV-status, glo Anna dat die Here haar fisies en emosioneel sal

genees, en dat die duiwel siektes in ons lewe bring. Sy sê dat die Here vir haar voorsien, en dat sy op Hom vertrou. Sy sê dat dit belangrik is om te glo dat jy genees is, maar dit is ook belangrik om geduldig te wees. Genesing neem tyd, die Here se tyd. Sy sê ook verder dat jy nie op die diagnose van die dokter moet staatmaak om te glo dat jy genees is nie, maar dat jy net elke dag vir jou genesing moet bid en moet glo dat jy genees is (Jesaja 45).

Anna beleef wel tye wanneer sy moedeloos voel, maar sy sê dat sy weet wat die haar doel op aarde is, naamlik om die Here te prys en te dien.

2.10.3 Wat het ek gehoor?

- Alhoewel Anna MIV positief is, vertel dit slegs ‘n gedeelte van haar verhaal.
- Daar is meer as een faktor wat in 'n storie in ag geneem moet word, byvoorbeeld die verteller se kinderlewe, huwelik, sosiale status, ekonomiese klas en manier van dink.
- Die unieke uitkoms in Anna se lewe was die feit dat sy tot bekering gekom het.
- Anna glo dat die duiwel mense siek maak, en sy glo God sal genees.
- Anna bid vir haar genesing.
- Die betrokkenheid van God in haar lewe laat haar anders oor haar siekte dink, en sy hou aan die Skrifbelofte vas.

2.11 Getuienis oor die genesing van beroerte en 'n breintumor

2.11.1 Waarom ek die verhaal insluit

Ek het ‘n besondere band met die persoon, en was persoonlik by sy siekbed betrokke. Ek sluit die verhaal in, omdat dit ‘n getuienis is dat God genees. Hierdie verhaal bevat belangrike elemente ten opsigte van die diskoers

oor heling. Die verhaal bevat ook ‘n besondere dimensie wat die diskoers oor God, en mense se versorging van siekes betref. Hierdie getuienis druk ‘n worsteling met twee gevreesde siektetoestande, naamlik beroerte en breinkanker uit.

2.11.2 ‘n Getuienis

Wie is ek? Dit het ek aan die einde van al my ontberings gevra. Wat is so belangrik aan my dat die hoë God met my bemoeienis maak? Die antwoord is dat God ‘n plan het om Sy wil te laat geskied, en dat Hy my daarvoor wil gebruik!

Voor my getuienis, wil ek eers ‘n bietjie agtergrond gee. (Dit is vir my belangrik, en ek hoop dat dit aan die einde van hierdie verhaal vir jou ook sal weesl). Voor 2001 was ek baie aktief in die kerk. Ek is by die jeug betrek, was jeugouderling, het baie kampe en toere gereël, en het die BKJA, SKJA en finale jaar katkisante hanteer. Verder was ek leier van ‘n Bybelstudiegroep wat groot hoogtes bereik het, danksy die werking van die Heilige Gees. Die groot vraag wat ek vandag vra, is in hoe ‘n mate dit selfgesentreerd, of Godgesentreerd was. Ek glo dat daar iets van albei was, maar die eie-ek het beslis ‘n groot rol gespeel.

Die feit is dat ek betrokke was, en het gedink dat dit goed is so. Moet my nie verkeerd verstaan nie, ek is en bly ‘n kind van God, ten spyte van alles, omdat Hy so sê (Johannes 1:12-13).

Toe het die ellende begin. Op 23 Februarie 1999 is ek soos gewoonlik kerk toe, en het my verpligtinge nagekom. Toe ek tuiskom, het twee geweldige hoofpyne deur my kop geskiet. Ek het onmiddellik 'n pynstiller geneem en gaan lê. Dit het egter nie help nie. Die pyn voortgeduur, en my sig het verswak. Die diagnose was dat ‘n aar in my kop gebars het. Ek het beroerte gehad en is per ambulans Pretoria toe geneem, omdat ek nie per helikopter kon gaan nie, vanweë ‘n gebrek aan suurstof. Ek was angsbevange, omdat ‘n mens dikwels

gebreke oorhou na beroerte. Ek kon egter nie helder dink nie.

Ek was amper twee weke in die hoësorgeenheid, en daar is besluit om nie te opereer nie. Gedurende hierdie tyd was ek baie deurmekaar. Hoewel ek in nood verkeer het, kon ek nie bid nie. Ek is na 'n algemene saal oorgeplaas, maar kon steeds nie rasioneel dink of funksioneer nie. Ek het eendag, in my deurmekaar toestand aan die Here probeer dink, en het ‘n vreemde ervaring gehad. Dit was asof God persoonlik met my kontak gemaak het en hoewel Hy niks gesê het nie, was ek van Hom bewus.

Die verklaring vind ons in Romeine 8:26 “ Die Gees self pleit vir ons.” Na 'n maand is ek ontslaan. Twee maande na my ontslag, het ek weer begin werk. Ek het wonderbaarlik herstel. Hoewel ek my spraak en woordeskat van vooraf moes oefen, het ek geen gebrek oorgehou nie. Ek en ander mense is verbaas hieroor, maar ek gee aan God die eer, Hy het my genees, nie mense nie. Ja, daar waar ons nie kan sien of voel nie, daar is God besig om met Sy helende Heilige vingers te werk (Romeine 9:5b, 16).

Tog was dit nog nie die einde nie. Van Desember 2000 tot Maart 2001 het ek vreemde gewaarwordinge gehad. Ek kon nie behoorlik bestuur, werk of praat nie. Ek het dikwels sinne herhaal en woorde verkeerd ingespan. Ek is na 'n internis verwys wat my verseker het dat niks skort nie. Ek het egter geweet dat iets verkeerd is. Ook die mense om my, vriende, familie en werkmense, het dit agtergekom.

Ek het besluit om my vrou vir oulaas met vakansie te neem, en daarna ’n einde aan alles te maak. Ek wou nie langer lewe nie. Ek het deur 'n baie emosionele tydperk gegaan. By my terugkeer na Utrecht, het ek die Sondag ‘n groot behoefte ontwikkel om kerk toe te gaan. Tydens die erediens het ek skielik baie sleg gevoel, en wou net by ‘n dokter uitkom. Die selfmoordgedagtes was weg.

Ek is weer Pretoria toe gestuur en in die hospitaal opgeneem. Hierdie keer is ‘n tumor van 4.5 sentimeter in my brein ontdek, wat verwyder moes word. Dit was ‘n Heemongoblastoom-gewas. Ek is vir hipertensie behandel, en epileptiese aanvalle begin kry. Ek het baie tyd in die hoësorgeenheid deurgebring. Daar is dertien keer probeer om ‘n epidurale kateter in te sit, maar dit was net twee keer suksesvol. Ek was intense pyn gehad, en my geheue en spraak was aangetas. Ek het geweldig gewig verloor, en is vir erge braking behandel. Ek het ook meningitis opgedoen. Daarna het ek ‘n voglek opgedoen, en moes weer geopereer word. Die lek is herstel, en ek moes 31 dae lank bestraling kry.

Wat hierdie gebeurtenis merkwaardig maak, is dat die gewas wat verwyder is, deur die neuroloog as ‘n nievinnige groeier beskryf is, wat kwaadaardig was. ‘n Week later het die laboratorium die teendeel bevestig. Dit was nie ‘n vinnige groeier nie, en nie kwaadaardig nie. As ‘n mens nie die genadige hand van God hierin sien nie, is dit 'n groot fout. Hierdie gunstige uitslag het my vertroue in die Lewende God laat toeneem, en het ek Hom uit my ervarings leer ken. Dit het ek eers agterna besef, want tydens my siekte het ek min, of selde, aan God gedink. Ek was te siek en my brein te deurmekaar. Tog weet ek dat ek God kwalik geneem het oor my posisie. Hoewel ons ontrou word, bly God gelukkig getrou, en Hy het my deur alles gedra, al was ek nie daarvan bewus nie. Aan God al die eer!

Ek glo nou Hy was besig om my te hervorm (Jeremia 18:1-6). Dit was ‘n verskriklike ondervinding, want ek moes verskeie kere terugkeer hospitaal toe, en van vooraf leer loop, praat en dink. Ek het ook na aanraking gesmag. Terwyl ek na die eerste operasie in die hoësorgeenheid gelê het, het ek fisiese kontak begeer. Ek weet nou dat dit van die uiterste belang is om siek mense aan te raak. Ek glo dat hierdeur ‘n gevoel van vertroue, vertroosting en versterking opgewek word, wat definitief meehelp tot 'n vinniger herstel. Ek glo dat dit 'n vereiste is, omdat ek en baie ander intens daarna gesmag het.

Tydens my siekte het my vrou verslag aangeteken van alles wat met my gebeur het. Gedurende hierdie tyd het ek baie keer gedroom. Ek het dikwels spoke of geeste gewaar. Ek het ook vir Christus gesien, ‘n werklike mooi Mens. Ek het Hom gesien met die doringkroon op Sy hoof. Hoewel ek baie deurmekaar was van die meningitis, weet ek dat dit waar is al glo ander my nie.

Ek was bykans 'n jaar siek, maar het weer in Januarie 2003 begin werk. Op 25 Maart 2004 is ek egter weer in die hospitaal opgeneem, omdat ek ‘n abses agter in my kop ontwikkel. In drie maande se tyd, is ek drie keer geopereer, en was ses keer in die teater. Weefsel is uit my been verwyder en in my agterkop oorgeplant.

Hierna was niks weer dieselfde. Ek dink my liggaam het te veel verduur. Daar is egter 'n baie belangrike gebeurtenis waarvan ek wil getuig. Op 9 Julie 2001 was ek baie siek. Die neuroloog kon niks meer vir my doen nie. My familie was om my bed en het aanmekaar gebid. Die verpleegpersoneel wou my in ‘n enkel kamer stoot, waar die familie ongestoord by my kon wees. Almal het egter geweet hoekom. Dit was omdat almal die dood verwag het. Ek was van almal om my bewus, en het geweldige pyn verduur. Skielik was ek weg! Ek was in ‘n ander wêreld. Daar was geen ligte, blomme of poorte nie. Ek het besef dat ek in ‘n vreemde wêreld, op pad iewers heen was. Ek het die vrede wat alle verstand te bowe gaan, en waarvan in Filippense gepraat word, ervaar. Ek het in onbeskryflike vrede in 'n rigting gesweef waar ek geweet het ewige rus is. Ek was bewus van die Goddelikheid hiervan.

Ewe skielik was ek egter weer terug op my bed, tussen almal, en met die pyn. Wat ‘n teleurstelling om weer terug te keer, want waar ek was, was die vrede en vreugde van God! Ek is terug hoësorgeenheid toe, en het herstel. Saam met hierdie trauma, is my vader op 14 Julie 2001 oorlede. Ek het egter alles oorleef en dit is aan God te danke. Noudat ek op alles terugkyk, weet ek dat God my gedra het. Ja, deur Sy groot liefde het daar vir my genesing gekom. Ek

het vandag blywende skade na die operasies, maar waarmee ek kan saamleef. God gee, en God neem. Hy is God oor lewe en dood. Hy het my net vir 'n wyle ‘n stukkie van die vrede laat ervaar. Hoekom? Sodat ek dit vir jou kan vertel. Ek kan getuig dat Jesus leef, en ervaar dit dat die Heilige Gees die verhaal saam met my skryf. Dit is vir my ‘n Goddelike ervaring en genesing! Weer aan God die eer, en daarom sal ek onverskrokke en oral oor Hom getuig (Filippense 4:7).

God genees jou definitief liggaamlik. Fisies het my liggaam feitlik normaal herstel. Daar is definitiewe Goddelike genesing deur God. Die liggaam kan weer funksioneer, maar wat van my gees? Definitief word ‘n mens nie net liggaamlik nie, maar ook geestelik genees en versterk. Hoewel ek ‘n kind van God was (omdat Hy so sê), het die volgende ook daartoe gelei dat ek geestelik versterk is:

1 Ek het geen gebreke na my beroerte oorgehou nie.
2 Die Gees het tydens hierdie siekte vir my by God ingetree.
3 Tydens die verwydering van die tumor is dit eers as kwaadaardig aangegee, en binne 'n week is die teenoorgestelde bewys.
4 Ek het drome gedroon en visioene van Jesus gesien.
5 Ek het die wêreld verlaat (gesterf) om in ‘n toestand van rus te verkeer, en het na hierdie wonderlike ervaring weer teruggekeer.

Hierdie is ‘n absolute bewys dat God die mens na geestelike herstel, groei en versterking van jou geloof lei. ’n Mens leer God uit jou ervarings met Hom ken, en hierdie ervarings lei tot lewende getuienisse oor Jesus. My gevolgtrekking is dat God 'n mens met Sy goddelike krag van siekte genees, en hiermee saam genees Hy jou geestelik, en neem Hy jou tekortkoming weg. Hy genees die tekortkominge in jou geestelike lewe. Hierdeur word jou geloof in Hom versterk, omdat jy na liggaam en gees God in en rondom jou verheerlik.

God wil Sy wil in jou lewe bereik, en doen dit baie keer deur ‘n siekbed, maar 'n mens moet nooit vergeet dat die geestelike genesing net so belangrik as die

fisiese is, want ‘n gesonde liggaam huisves ‘n gesonde gees. Soos daar in die Woord geskryf staan, is dit God wat Homself oor die mens ontferm, en aan die mens goed doen soos dit deur Hom bepaal word. Dit bring my by die sekerheid dat genesing ‘n Goddelike ingryping is, en dat God die mens na liggaam en siel genees, soos dit Hom behaag.

Aan God die eer!

2.11.3 Wat het ek gehoor?

- God maak bemoeienis met siek mense.
- Al kan ons nie bid nie, pleit die Gees vir ons by God.
- God genees mense.
- God werk soms op bonatuurlike maniere met mense.
- Al word ons vir God kwaad, bly Hy altyd getrou.
- Aanraking speel ‘n groot rol by siek mense. Dit skep vertroue, bied vertroosting, versterk en spoedig genesing.
- God kom soms spesiaal naby aan Sy siek kinders.
- God dra siek mense.
- Mens kan heling ervaar, al dra jy die letsels van siekte.
- Die belang van geestelike genesing moenie onderskat word nie. God genees liggaam en gees.
- God doen aan die mens wat Hom behaag.

2.12 Die storie van Gideon - Geloof en Heling

2.12.1 Waarom ek die persoon kies

2.12.2 Gideon se storie

Solank as wat ek kan onthou, was Leon maar altyd daar. Ons ouers het vertel dat ons van kleins af saam in ‘n bababed geslaap het. So vir die jare wat sou kom was ons die grootste van vriende. Teen die tyd dat ons skool toe gegaan het, was Willem ook reeds deel van die vriendskap. Dit was sorgelose jare. My Pa sterf ongelukkig toe ek ag jaar oud is en dit bring ‘n hele omwenteling in my lewe teweeg. Ons ouers het egter baie goeie vriende gebly wat ten gevolg gehad het dat ons mekaar gereeld kon sien. Op skool was ons natuurlik soos die Boksembende. Daar was dikwels na ons verwys as die “Drie Musketiers”. Na my Pa se dood het ek aanvanklik, onbewustelik baie swaar op Leon gesteun vir emosionele onderskraging. Leon het nie op hom laat wag nie en het hom totaal oor my ontferm. Niemand het dit gewaag om my skeef aan te kyk nie. Maar dit was altyd ons drie. Dit was nie ‘n geslote vriendskap nie want daar was baie ander vriende.

Na matriek het ons baie planne gehad maar daar was soveel struikelblokke, dat nie een van ons drie aanvanklik aan ons toekoms begin werk het nie. Ons het ook baie nou betrokke geraak in die kerklike gemeenskap waarbinne ons was, sodat die toekomsplanne ook ‘n bietjie gewag het. Intussen het Willem se ouers verhuis en ook later Leon se ouers. Leon se ouers het ‘n plaas gekoop en ons kon nie wag om langnaweke te gaan kuier op die plaas nie. Saam daarmee het ook die liefde om saam te gaan jag, ontstaan.

Dit was gedurende een wintervakansie dat die ramp op ons toegeslaan het. Ons sou die volgende dag saam gaan jag. Daar was niks so lekker soos Koedoebiltong nie. Gedurende die aand het Leon en Willem oor iets stry gekry. Leon wou my nie sê waaroor dit was nie, en soos hy gesê het: “Kom ons gesels môre daaroor”. En so het ons gaan slaap met dié gedagte, dat dit môre oorgewaai sou wees.

Die volgende oggend vroeg is ons op, net om uit te vind dat Willem nie meer saamgaan nie. Dit het dadelik die opgewonde atmosfeer gedemp. Uiteindelik is ek en Leon tog na ons gesogte aanlêplek toe. Ek was nie ‘n goeie skut nie. Ek het nooit besef dat die probleem by my regteroog was nie. Leon het altyd saam aangelê om die doodskoot te gee indien ek net die bok sou kwes. Dit was ‘n wonderlike dag. Tog het die Koedoes eers baie laat opgedaag. Daar was in elk geval geen haas nie. Met die Koedoe in my visier lê ek aan en Leon gereed om indien nodig, die doodskoot te gee. Toe ek die sneller trek, val Leon se geweer teen die walletjie af en stukkies bloed en -beentjies saai oor my. Verskrik kyk ek na die skynbaar lewelose liggaam van Leon langs my.

Ek kon nie glo wat besig was om te gebeur nie. My hele liggaam het geruk van skrik en angs. Alles was onwerklik. Ek het so gebewe dat ek alles laat val het. Al wat ek weet, is dat ek hom so gou moontlik by mediese hulp moes kry. Ek kon darem vasstel dat hy nog lewe. Ek het stukke klere en sakdoeke in die wond in sy rug ingedruk en sy lyfband styf daarom vasgebind. Dit was ongeveer ‘n kilometer na die bakkie en ek moes hom dra. Met groot moeite het ek hom op die voorste sitplek lê gemaak. Iewers in die verte het ‘n voertuig aan die gang gekom. Hoop het by my opgevlam, net om weer te vervaag toe die voertuig duidelik in ‘n rigting weg van ons af beweeg.

Leon se ouers het met verbystering na my verhaal geluister. Leon is gou vanaf die plaaslike hospitaaltjie na ‘n groot hospitaal in ‘n stad oorgeplaas. Die polisie was in ‘n ommesientjie op die toneel. Ek moes die plek gaan uitwys. Die twee gewere het nog net so daar gelê. Daardie dag en nag is gevolg deur verklarings en verduidelikings soos nog nooit in my lewe nie. Oor hoe ek voel en wat ek beleef het was geen aandag gegee nie. Ek was soos ‘n hoofverdagte in ‘n moordsaak behandel. Leon is daardie nag oorlede.

Ek het die volgende oggend weer op die plaas aangekom. Vir my was gesê dat die bediende my goed in die slaapkamer sal gaan haal, maar dat ek dadelik moet

vertrek en nie weer terugkom nie. Geen vrae van my kant is ooit beantwoord nie. Ek het na Willem se huis op die dorp gery en gesien sy voertuig staan langs die huis. Ek was toegang geweier en Willem het nooit weer met my gepraat nie. Willem se pa was ‘n hooggeplaaste in die dorp se polisie. Ek het terug huis toe gery in die stad. Geen telefoonoproepe of briewe is ooit beantwoord van Leon of Willem se ouers se kant nie. Indien ek gebel het is gesê dat ek asseblief nie weer moet bel nie.

Die begrafnis was op die plaas. Ek was nie gevra om my boesemvriend se draer te wees nie. Ek en my ma was soos ongewenste vreemdelinge behandel. Ons kon nie glo dat lewenslange vriende in een oomblik jou grootste vyande word nie. Die verhoor was ‘n nagmerrie. Die patroonpunt in Leon se liggaam het nie ooreengekom met dié van ons gewere nie. Daar moes dus ‘n derde geweer gewees het wat die patroon afgevuur het. Almal, ook die aanklaer wou weet, wat ék met die geweer wat gevuur was, gemaak het. Deur al die jare egter nog niks bewys word nie en die saak het skynbaar daar doodgeloop. Maar die verwyte en verwytende blikke sou altyd by my bly. Ek was ‘n moordenaar en ‘n leuenaar.

Ek het geleidelik begin om van persoonlikheid en karakter te verander. Ek was gefrustreerd met myself en met almal rondom my. As ek iemand kon afknou het ek dit eintlik met geesdrif gedoen. Die plaaslike predikant, wat ook later ‘n vriend sou word, het verstaan en my geleidelik gehelp. Al wat ek in daardie tyd duidelik onthou, is dat my enigste toevlug na die Here was. Ek het sommige aande lank net uit die psalms gelees. Ek kon my baie goed met die psalmdigter van Psalm 55 vereenselwig. “My hart krimp inmekaar in my, doodsangs oorval my, vrees en skrik oorweldig my, my hele liggaam bewe” (verse 4 en 5). Verse 7-9 het goed uitdrukking gegee aan my verlange om ook sommer net van die aardbol te verdwyn en nooit weer terug te keer nie. Verse 13-15 het vir my gesê dat hierdie digter, net soos ek, beleef het dat die mense wat die naaste aan my was my grootste vyande geword het. Maar dank die Here, ek het bly roep tot God, elke oomblik van die dag of in die nag. Om die waarheid te sê, ek het God eintlik

gesteur in daardie tyd (verse 17-18) en ek het bly glo dat God my sou aanhoor en help. Vers 23 het baie groot berusting gebring in die wete dat die Here vorentoe vir my weer sal optel uit die donker nag van my lewe (vers 23). En Hy het! Na ongeveer ‘n jaar het ek weer rigting in my lewe begin kry en het ek begin voel dat ek weer myself gevind het.

Die roeping om permanent vir die Here te gaan werk en predikant te word was solank as wat ek kan onthou by my. Ek onthou sover terug as Graad 5, dat die onderwyseres vir ons gevra het wat ons wil word, en daar het ek dit reeds, sover ek kan onthou, gesê. Ek het die raad van die plaaslike leraar gevolg en my ingeskryf by ‘n universiteit vir die volgende jaar. Die jare het nie stilgestaan nie.

Ek het skaars bevestiging van my toelating ontvang, toe die volgende ramp my tref. Ek het met ‘n meisie uitgegaan in ‘n deel van die stad, so ‘n halfuur se ry van die huis. Om huis toe te kon gaan moes ek deur ‘n baie swak deel van die stad ry. Dit was laatnag toe ons totsiens sê en dit was nie goed toe my motor op die slegste plek denkbaar gaan staan nie. Twee mans het onmiddellik hulp aangebied. Ek sou gou uitvind dat die “hulp” nie vir my motor was nie maar vir myself. Daardie nag het ek my militêre opleiding bedank want ek moes veg vir my eie behoud en my eie respek. Die plek was ‘n samekoms van homoseksuele wat hulle in seksuele orgies behaag het. In my verdediging het ek ‘n paar van hulle met ‘n stoel lelik bygekom maar is later vasgedruk. Die res van die verhaal kan ek nie op papier skryf nie, dis te vieslik. So na tweeuur die oggend is ek kaal aan ‘n pilaar van die gebou op straat vasgemaak. ‘n Lamppaal oorkant die straat het my goed verlig. ‘n Paar voertuie het by my verbygekom waartydens onsmaaklike opmerkings gemaak is. Een persoon het selfs gedink my geslagsdele is ‘n klokkie. So teen vieruur het ‘n Indiër man en sy seun daar verbygekom. Hulle het uitgeklim, ‘n baadjie om my gesit en my losgemaak en selfs ook huis toe geneem.

Ek het nooit aan enige mens vertel wat met my gebeur het nie. Ek kon nie. Daar was geen manier waarop ek uitdrukking sou kon gee aan my innerlike emosies en belewenisse nie. Daar was ook geen manier dat ek ook dit in woorde of papier sou uitdruk nie.

Weereens was dit net ek en God alleen! Ek het op my knieë gestaan en letterlik ure voor die Here deurgebring. Ek het somtyds baie gehuil. Ek het die Bybel gevat en net gelees en gelees en geglo die Here sal hulp vir my gee uit sy Woord. Jesaja 43 het ‘n blywende rol gespeel in my heling. “As jy deur die water **moet** gaan . .” (vers 2), en ek het! “As jy deur die vuur **moet** gaan . . ., “ en ek het! Saam daarmee was ver 4 natuurlik ook deurslaggewend: “Omdat Ek jou hoog ag en jou liefhet, . . “

In hierdie tyd het Psalm 20 my ook baie gehelp. Die volgende verse was van groot waarde: “Mag die Here u gebed verhoor” (vers 2); “Mag hy jou te hulp kom uit die heiligdom (vers 3); “Mag Hy jou gee wat jou hart begeer” (vers 5b); “Uit die heilige hemel verhoor die Here jou gebed” (vers 7b) en “Mag die Here jou gebed verhoor wanneer jy na Hom roep” (vers 10b). Heling het oor ‘n baie lang tyd plaasgevind maar ek glo dat die Here my die geloof gegee het om heeltemal net op Hom staat te maak om hierdie verskriklike gebeure in my lewe te kon oorkom.

Ek het eers twee jaar later universiteit toe gegaan om predikant te word. Gedurende my studentejare is ek getroud en een van my kinders is gebore toe ek nog op kweekskool was. Oor enige van die gebeure wat ek hierbo gemeld het, het ek egter nooit weer gepraat nie. Oor laasgenoemde gebeure, glad nie. Ek kon nie! Ek het predikant geword en is reeds ‘n geruime tyd in die bediening. My kinders is almal uit die huis en van hulle is al getroud. Ek het my intussen as Kommunikasie- en Verhoudings Terapeut bekwaam, miskien omdat ek die leed in ander mense se lewens so deeglik verstaan het en hulle graag wou help in hulle eie emosionele pyn.

Drie en ‘n half jaar gelede bel Willem my een aand uit die bloute. Na wat soos ‘n leeftyd gevoel het, kom die oproep uit die verre verlede. Hy wil my graag weer sien en kom vir besigheid stad toe. Hy sal tuis wees in ‘n bekende hotel en gee ook die hotelkamer se nommer vir my. My hele wese sê vir my dat ek hom glad nie wil sien nie. Alles in my sê dat dit die verkeerdste ding op aarde sal wees om vir Willem te gaan sien. Maar aan die ander kant, is dit nie baie onchristelik van my, om nie te wil hoor wat Willem na ‘n halwe leeftyd te sê het nie? Ek besluit met groot huiwerigheid om die afspraak na te kom.

Soos twee groot vriende van ouds groet ons mekaar, so asof daar soveel jare gelede niks gebeur het nie. Leon is nie doodgeskiet nie en Willem en sy ouers het my nie soos die pes vermy nie. Ons drink saam koffie en eet koekies en gesels oor ons grootmenslewe. En toe kom dit! Hy hoop dat ek hom sal kan **vergewe** vir alles wat soveel jare gelede gebeur het. Hy het ‘n rukkie gelede tot bekering gekom en hy besef nou watter verskriklike verkeerde ding hulle aan my gedoen het. En watter verskriklike ding **hy** gedoen het! Sy ouers en Leon se ouers is intussen oorlede en daarom kan hy nou maar vir my vertel wat werklik gebeur het. Hy was kwaad vir Leon die vorige aand. Hy het ook die veld ingery want hy het die plek baie goed geken. Hy het gesien hoe ons die oggend daar deurbring. Hy het gesien hoe ons aanlê vir die koedoe. Hy besluit toe om kierang te wees en die bok te verwilder met sy geweerskoot voordat ek kon skiet. Hy onthou self nie veel van wat gebeur het nie. Hy weet net, dat dit hy was wat vir Leon per ongeluk geskiet het. Hy het gewag totdat ek vir Leon in die bakkie ingetel het, voordat hy na sy pa om hulp gejaag het.

Hy kon nie verder sy verhaal vertel nie. Die hotelkamer het om my begin draai. Ek het opgestaan en eenmaal vreeslik gekots. Ek het die trappe twee-twee afgestorm. Ek was mislik. Ek onthou self nie veel nie. Ek het soos ‘n waansinnige aangehou hardloop. Tussen die verkeer deur tot by die promenade. Hoe ironies, die promenade! Die plek waar ons somertyd ons kinderjare so geniet het! Die see en die strand wat vir ons vereenselwig kon word met sorgvrye lewens.

Ons het vir twee jaar nie weer kontak met mekaar gehad nie. Intussen was ek duidelik nie meer "gesond" nie. Ek het goed gedoen wat ek later nie meer onthou het nie. Ek het dinge gesê wat ek nie bedoel het nie. Ek het geweet ek het hulp nodig. Ek het in 'n diep depressie ingegaan waarop ek nie nou wil uitbrei nie. Al wat ek weet, is dat niemand ooit weer vir my kan sê dat hulle depressie verstaan indien hulle nog nie self daardie pad geloop het nie. Ek het na 'n psigiater gegaan wat my medikasie gegee het. Aan die diep wonde kon hy egter nie veel verrig nie. Ek het egter die Here bly bid om my iemand te wys met wie ek net kon praat. Na al die jare wou die goed hier binne skielik nie meer hier binne bly nie. Op 'n wonderbaarlike wyse het die Here 'n kollega van my vir my aangewys wat as terapeut bekwaam was. Dit was wonderlik om te kon ontlaai en op die pad van heling begelei te kon word. Die groot probleem was egter vergifnis. Willem het gevra dat ek hom moes **vergewe**. Skielik het vergifnis 'n hele nuwe betekenis gekry. Na alles wat hy my aangedoen het, moes ek hom **vergewe**. Wat is vergifnis? Dit het 'n baie groot vraag by my geword. En **wanneer** het 'n mens vergewe?

Terwyl ek besig was met my terapeutiese sessies bel Willem my weer 'n keer. Hy kom weer stad toe vir 'n besigheidsafspraak. Dieselfde hotel en hy gee my die kamernommer. Hierdie keer was die opstand in my nog erger. Ek is reeds in depressie en kan glad nie ekstra spanning hanteer nie. Weereens kom ek die afspraak na maar met baie groter huiwering as voorheen. Sy verhaal is dieselfde maar hierdie keer erken hy dat hy uit jaloesie doelbewus vir Leon geskiet het. Hierdie keer sien ek die verwese mens voor my raak. Ek weet nie waarom nie maar ek sou alles wou doen om hom te help. Hy het seker net so gely soos wat ek ook maar gely het. Skielik het ek besef, dat vergifnis en jammerte baie na aanmekaar lê. Dis wat vergifnis is. Ek het hom innig jammer gekry. Jesus Christus het immers in Matteus 18:27 gesê: "Die koning het hom jammer gekry, hom laat gaan en sy skuld afgeskryf". Ek onthou uit Matteus 18:21 dat Petrus baie moedswillig was om vir Jesus te vra: "Here, hoeveel keer moet ek my broer

vergewe as hy iets verkeerds teen my doen? Selfs sewe keer?" Die Fariseërs het hulle geleer dat hulle hul broer ses keer moet vergewe. In vers 22 antwoord Jesus: "Ek sê vir jou, nie sewe keer nie maar selfs sewentig maal sewe keer".

Ten spyte van verdere terapeutiese sessies, bly die depressie halsstarrig met my. Ek en Willem kontak mekaar dikwels. Verdere ontboesemings van sy kant vind gereeld plaas. Ek word vir hom 'n steunpilaar. 'n Onderbreking in die terapeutiese sessies het my egter weer alleen gelaat.

'n Volgende groot gestoei met God het ontstaan. Hierdie keer was die gestoei met God wesenlik anders. Ek het nou al die truuks van die boek geken. Ek het verstaan wat besig was om met my te gebeur. My soeke na antwoorde was weereens in die Bybel en op my knieë voor God al het ek nie die fisiese krag gehad om te bid of die Bybel te lees nie. Ek het soms drie ure geneem net om soggens my self te skeer, stort en te eet. Dan het ek nog niks gewerk nie. Die medikasie het gehelp dat ek kon voortgaan met my werk maar met baie groot moeite en uitputting. En toe kom die keerpunt. Ek het die Bybel gevat en die veld in gery. Onder my het 'n klein vallei gelê met 'n stroompie water. Ek was lank daar. Net ek en God. Toe sê ek vir die Here: "Here dit kan nie so aangaan nie. Dis nie lewe hierdie nie. Dis net so goed om dood te wees want ek is dood vir myself, my vrou en almal om my. Ek is nie meer 'n mens nie. Ek is flenters, Here. Ek is gedaan en moeg gestry oor alles. Here ek gaan nie hier weg totdat U nie vir my heelmaak nie". Toe ek afkyk, lê die Bybel oop by Psalm 23. "Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want U is by my. In u hande is ek veilig" (vers 4). "Die HERE is my HERDER, ek kom **niks** kort nie" (vers 1). "Hy laat my in groen weivelde rus. Hy bring my by waters waar daar vrede is. **Hy gee my nuwe krag**" (vers 2 en 3). Ek kan nie vertel wat werklik gebeur het nie. Dit was asof die Here persoonlik aan my verskyn het. Moenie my verkeerd verstaan nie. Hy was nie sigbaar daar nie. In my gees egter, het God Self daar voor my gestaan. Dit was asof God met sy hand al my wonde genees en die seer wegneem. God het my **heel**gemaak. Golf na golf van vrede en vreugde het oor

my gespoel. Dit was asof die hemel en die aarde aanmekaar geraak het. Dit was asof daar engele rondom my was. En tog was daar niks sigbaar met die oog nie. Ek is egter seker dat ek vir oomblikke in God se dimensie opgeneem was, of Hy het in my dimensie verskyn. Daar was egter geen lig of gloed of enigiets van die hemel of van God te sien nie. Ek het dit alles net beleef. Ek het neergeval en God aanbid soos ek myself nog nooit gehoor bid het nie. Ek het begin sing daar in my alleenheid. Ek wou dit nie laat ophou nie. Ek het selfs liedere gesing waarvan ek nie weet waar ek daaraan gekom het nie. Toe dit begin donker word het ek stadig huis toe gery. My siel se wonde was heel. Ek het daardie aand vir die eerste keer in jare rustig geslaap en die volgende dag my normale verpligtinge begin soos altyd, sonder depressie.

Ek het ‘n afspraak by my terapeut gemaak en hom alles vertel. Hy was baie opgewonde en het my verseker dat God heling laat plaasvind en dat die tussenkoms van ‘n terapeut nie altyd ‘n noodwendigheid is nie. Wat vir my belangrik was in my lewenservaring, is dat geloof, vergifnis en heling baie nou verband hou met mekaar.

3 Ek luister na dit wat ek gehoor het

Hier aan die einde van dié hoofstuk, wil ek graag die verhale, asook die gevolgtrekkings aan die einde van elke verhaal integreer. Soos in hoofstuk een vermeld, is narratiewe navorsing die dirigent, en daarom wil ek die verhale hier as die eindproduk van die musikale harmonie saamvoeg. Ek fokus op raakpunte en/of ooreenkomste, veral unieke uitkomste. Die gevolgtrekkings is nie wetenskaplik korrek bewys nie, maar is 'n deel van wat in hoofstuk twee gehoor is.

3.1 Diskoerse wat ek gehoor het

3.1.1 Die verband tussen siekte en sonde

Is daar ‘n verband? Die stelling is gemaak dat siekte en sonde nie noodwendig met mekaar in verband gebring moet word nie.

3.1.2 Geloof en genesing

Dit sluit die uitwerking van gebed op iemand wat siek is, en gebedsverhoring in. Die geloof van ‘n Christen is nie die kriterium vir fisiese genesing nie. Gebed is een van die sleutelaspekte wat uit die verhale na vore kom. Daar moet vir siek mense gebid word. Soms is dit nodig om mense te laat verstaan wat die rol van vergifnis in genesing is.

3.1.3 Twyfel en onsekerheid

Christene ervaar twyfel en onsekerheid tydens siekte. Wat die sterkste na vore kom, is dat diegene wat glo, in verhouding met God staan, en voortdurend op die Skrifbeloftes vertrou. Die hantering en verstaan van die Skrif speel ‘n groot rol tydens siekte. Innerlike vernuwing word verseker. Dit is belangrik dat siek mense die teenwoordigheid van God moet beleef.

3.1.4 Die mediese wetenskap

‘n Gelowige mag van die mediese wetenskap wat deur die Here daargestel is, gebruik maak. Die pasiënt, die siekte en die behandeling is belangrik.

3.1.5 Genesing

Daar vind soms genesing plaas wat wissel van logiese genesings, tot

bonatuurlike genesing of Goddelike genesing. Baie mense word gesond deur die behandeling wat deur mense gegee word. Ander word genees deur ‘n bonatuurlike ingrype van God.

3.1.6 Geestelike versus fisiese genesing

Geestelike genesing geniet prioriteit bo fisiese genesing, en die genesing van siektetoestande begin by ‘n krieseltjie hoop. Siekte het ook die potensiaal om ‘n verdieping in ‘n mens se geestelike lewe te bewerk, en tydens siekte het siek gelowiges die geleentheid om die teenwoordigheid van die Here op ‘n besondere manier te ervaar.

3.1.7 Die unieke belewing van siekte

Mense wat God in hul lewe ervaar, ervaar siekte op ‘n unieke manier. Woorde soos hoop, vergifnis, vertroue en beloftes, is woorde wat ‘n ander perspektief tydens siekte meebring.

3.1.8 Lewenstyl

'n Gesonde lewenstyl bevorder genesing. Oefening en gesonde eetgewoontes is belangrik vir die bevordering van genesing. Slegte middele moet vermy word. Die klem word op die gebruik van natuurlike middels, en die soeke na alternatiewe metodes, gelê, indien die huidige benaderings nie werk nie.

3.1.9 New Age

Die New Age-filosofieë oor heling beïnvloed die mens se denke negatief, en moet vermy word.

.

3.1.10 Tyd

Siekte is deel van menswees, en daar is verskillende siektes. Daar is geen kitsoplossing vir siekte nie, en genesing vind ook nie altyd onmiddellik plaas nie. Alle siekte is ook nie geneesbaar nie, maar dit bly nodig om siekte te behandel. Daar is ‘n verskil tussen kennis van siekte, en die ervaring van siekte in jou eie liggaam. Genesing van siekte neem tyd.

3.1.11 Reaksie

Die manier waarop mense ten opsigte van siekte reageer, speel ‘n rol in die genesingsproses. Mense reageer verskillend op siekte, en sommige sal oplossing binne alternatiewe benaderings soek. Selfs die mense wat daagliks met siekte werk, byvoorbeeld dokters, word indirek deur die siekte geraak. Herinterpretasie kan help om siek mense op ‘n ander manier oor siekte en genesing te laat dink. Dit veronderstel dat siek mense verantwoordelikheid vir hul siektetoestand sal neem. ‘n Positiewe uitkyk op die lewe, en ‘n positiewe lewenswyse kan help om siekte beter te hanteer.

3.1.12 Heling

‘n Mens kan heling ervaar, al dra jou liggaam fisiese letsels.

3.1.13 Die uitwerking van siekte

Om siek te wees, is nie ‘n aangename ervaring nie. ‘n Langtermyn siektetoestand het ‘n geweldige uitwerking op die mens se liggaam, siel en gees.

3.1.14 Die vermoë om te genees

Die menslike liggaam het die vermoë om self te genees.

3.1.15 Fisiese aanraking

Fisiese aanraking speel ‘n definitiewe rol in genesing.

3.1.16 Swak mediese toestande

Swak mediese toestande kan siekte veroorsaak.

3.1.17 Siekte en die duiwel

Daar is mense wat glo dat die duiwel siek maak.

3.1.18 Bekering en vergifnis as genesing.

3.2 Unieke stories: Die dagga tannie en die kunsdame

Ek wil die verhale van hierdie hoofstuk met twee stories afsluit, wat vir my besonder uniek is, en op ‘n manier uitdrukking gee aan die unieke manier waarop mense na siekte kyk. Die verhale handel oor twee dames wat op ‘n besondere manier oor hul siektetoestand begin dink het.

3.2.1 Die dagga tannie

As inleiding wil ek net verklaar waarom ek die persoon so noem. Hierdie vrou was volgens haarself, die enigste persoon in die land wat deur die regering toegelaat is om wettig dagga in haar huis aan te hou. Die dagga het sy vir mense met kroniese siektes, getrek en soos tee as medisyne toegedien. Op my

vraag watter tipe medisyne sy vir watter kwaal gee, het sy geantwoord: “Hoe ernstiger die siekte, hoe sterker die tee”. Ek weet nie of sy self van die tee gedrink het nie, maar sy was ‘n besondere persoon. Iemand met ‘n sterk geloof en wilskrag.

In 1997 was ek op pad na my eerste gemeente toe. Van Pietermaritzburg af sou ek na Ixopo toe wegdraai, waar ek my vir my eerste jaar as predikant sou vestig. ‘n Halfuur voordat ek in Pietermaritzburg sou aankom, het my selfoon gelui. Dit was die hoofouderling van die gemeente. Hy het my versoek om in Pietermaritzburg by die hospitaal aan te doen. Een van die lidmate is aangeval, en vir ernstige kopwonde en ander beserings behandel.

Dit was my eerste ontmoeting met die besondere tannie. Ek het my bekendgestel, en sy het dadelik opgewonde gepraat: “Ons het so lank gewag dat jy moet kom”. Ek het oor die aanval en wat presies gebeur het, uitgevra, en sy het kortliks vertel, terwyl sy na al die merke gewys het . Voordat ek vir haar kon vra of ek vir haar ‘n gebed kon doen, het sy gesê: “Staan tog 'n bietjie nader, sodat ek jou aan die Here kan opdra vir die werk wat vir jou voorlê. Jy hoef nie vir my te bid nie, ek is okey”. Sy het dadelik begin bid. Ek was vir ‘n paar oomblikke stomgeslaan, want ek het haar besoek, en sy was die een wat in die hospitaal was, nie ek nie. Eintlik behoort die dominee vir die sieke te bid, maar hier was dit anders, want die persoon wat ek besoek het, was anders.

3.2.2 Die kunstige dame

Hierdie verhaal is mondeling aan my vertel, en ek sluit dit in die navorsing in, want ook dit bied ‘n unieke manier om na siekte te kyk. Dit handel oor ‘n dame wat deur haar dokter met ‘n breintumor gediagnoseer is. Dit is duidelik aan haar gestel dat sy nie lank sou leef nie. Wat dit vererger het, was dat sy drie

tumors gehad het. Die een tumor was op die plek in die brein geleë wat met kunstigheid en aggressie te make het. Sy sou dus toenemend aggressief, of kunstig raak! Sy het van kunstigheid bewus geword, en dadelik vir kursusse ingeskryf. Binne 'n maand het sy ‘n groot voorraad skilderye van goeie kwaliteit in haar huis gehad. Op iemand se vraag hoe sy gevoel het toe sy met breinkanker gediagnoseer is, het sy geantwoord: “Ek is nie met breinkanker gediagnoseer nie, maar met kuns”.

4 Gevolgtrekking

In hoofstuk twee het ek stories versamel, met die doel om die tema van genesing vanuit verskillende dissiplines te hoor. Dit is weer eens hier bevestig dat daar wyd uiteenlopende diskoerse oor heling bestaan. Tog vorm dit ‘n holistiese beeld, wat aantoon dat daar na meer as een realiteit verwys word. Hiermee voel ek dat die stories in die hoofstuk 'n versadigingspunt bereik het, en dat ons graag die stemme in gesprek wil bring met die breër teologie vanuit geskrewe bronne, om relevante temas te belig. Die hoofstuk vloei dan oor na hoofstuk drie wat oor 'n teologie van heling handel.